Deyan Delchev * Adrian Ebens * Danutasn Brown

# Einde van die Bose

## vurige finale Oordeel



# Einde van die Bose

## *Vurige Finale Oordeel*

Maranathamedia.com

Maart 2019

Vertaal na Afrikaans:  Maart 2020

# Inhoud


1. Vuur het van God Neergedaal ........ 5
2. Die Woord en die Spieël van die Natuur ........ 7
3. Die Verhouding tussen die Mens en die Aarde ........ 8
4. Die Vloed Volg Dieselfde Beginsel ........ 10
5. Die Spieël van die Wet ........ 13
6. Die Openbaring van die Kruis ........ 17
7. Die Verberging van God se Aangesig ........ 17
8. Die Oordeel ........ 22
9. Die Goddelike Patroon van die Vuur ........ 26
10. Die Goddelike Patroon en die Gees van Profesie ........ 27
11. Die Slotbeskrywing in die Groot Stryd ........ 32
12. Vernietiging Sonder Arbeid of Eksterne Krag ........ 40
13. Die Verheerlikte Karakter van God ........ 41
14. Vuur van God? ........ 44
15. Grade van Straf ........ 52
16. Slot ........ 54

# 1. Vuur het van God Neergedaal

Vir baie mense is die beskrywing van die vurige oordeel na die millennium die finale onweerlegbare bewys dat God mense direk doodmaak:

> En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; (8) en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, en Gog en Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. (9) En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. (10) En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. *Openbaring 20:7-10*

Die oppervlakkige lees van die Skrif in kombinasie met so ‘n moeilike skrifgedeelte kan nie net iemand tot die oortuiging bring dat God doodmaak nie, maar ook dat die hel vir ewig sal duur, want vroeër in Openbaring vind ons die volgende stelling aangaande dieselfde gebeurtenis:

> **En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid**, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. *Openbaring 14:11*

Om op die onveranderlike fondasie van waarheid te staan, was die Adventbeweging opgeroep om die reëls van Bybelinterpretasie, wat uit die Bybel voortspruit, te volg:

> Diegene wat betrokke is by die verkondiging van die derde engel se boodskap ondersoek die Skrifture op dieselfde manier wat vader Miller aangeneem het. In die boekie getiteld "Views of the Prophecies and Prophetic Chronology," gee Vader Miller die volgende eenvoudige maar intelligente en belangrike reëls vir Bybelstudie en interpretasie: Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, November 25, 1884, par. 23
>
> “1. Elke woord moet sy regmatige betekenis dra m.b.t die onderwerp wat in die Bybel bestudeer word; 2. Alle Skrifture is nodig, en moet verstaan word deur deeglike toepassing en studie; 3. Niks wat in die Skrif geopenbaar word kan of sal versteek word van diegene wat in geloof vra en nie terugdeins nie; 4. O**m lering te verstaan, <u>bring al die skrifte</u> oor die onderwerp waarvan jy wil weet <u>bymekaar</u>, laat elke woord dan sy**

> **regte invloed uitoefen; en as jy jou teorie <u>sonder 'n teenstrydigheid</u> kan vorm, kan jy nie verkeerd wees nie**; 5. Die Skrif moet homself uitlê, aangesien dit sy eie reëls vasstel. Wanneer ek op ‘n onderwyser staatmaak om aan my uitlegging te gee en hy moet raai omtrent die betekenis, of hy wil dit graag uitlê volgens sy eie sektariese geloofsoortuiging, of om agting te verkry, dan word sy raaiskoot, sy begeerte, sy geloofsoortuiging of wysheid, my reël, en nie die Bybel nie.”
>
> Die bogenoemde is 'n gedeelte van hierdie reëls; **en in ons studie van die Bybel sal ons almal goed doen om ag te slaan op die beginsels hier uitgelê**. Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, November 25, 1884, par. 23-25

Slegs wanneer al die skrifture oor 'n sekere onderwerp ooreenkom, kan ons seker wees dat ons teorie die waarheid is. Die grootste teenstrydigheid in 'n interpretasie wat God voorstel as die direkte uitvoerder om die goddelose in die poel van vuur te werp, is die lewe van Jesus Christus. Christus het gekom om ten volle die karakter van Sy Vader te openbaar en wanneer ons na Sy lewe op die aarde kyk, kan ons verseker weet hoe God is:

> Jesus sê vir hom: Ek is al so lank by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? *Johannes 14:9*
>
> Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen… (6) Ek het U Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord bewaar. *Johannes 17:4, 6*
>
> Die werk van die goeie Samaritaan verteenwoordig Christus se missie vir die wêreld. Ons Verlosser het gekom om die karakter van God te openbaar, om Sy liefde vir die mens te verteenwoordig. Hy het opgetree <u>net soos die Vader *in alle noodgevalle*</u> sou gedoen het. Christus het vir ons 'n liefde geopenbaar waaraan die liefde van die mens nooit gelyk kan wees nie. Hy het gesterf om diegene te red wat Sy vyande was; Hy het vir Sy moordenaars gebid. Vry vertaal vanuit *The Home Missionary*, October 1, 1897.

Toe Christus hier op die aarde was, het Hy niemand doodgemaak nie:

> Herodus en die goddelose owerhede het die Regverdige Een doodgemaak, **maar Christus het nooit iemand doodgemaak nie**, en ons mag die gees van vervolging toeskryf aan sy oorsprong – Satan – omdat die mens vryheid van gewete wil hê. Vry vertaal vanuit *Manuscript Release* 62, 1886.64

Watter gebeurtenis ookal in Openbaring 20 beskryf word, kan nie in stryd wees met die openbaring wat die Seun van God van Sy Vader gegee het terwyl Hy op die aarde was nie. Met dit in gedagte sal ons die faktore ondersoek wat bydra tot die gebeure in Openbaring 20:7-10, soos dit regdeur die Bybel verduidelik word.

## 2. Die Woord en die Spieël van die Natuur

Die Skrif vertel ons dat God (1) die wêreld geskape het deur Sy Woord, (2) Hy voortgaan om dit te onderhou deur dieselfde Woord, en dat (3) hierdie Woord Sy eniggebore Seun is:

> Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. (9) want Hý het gespreek, en dit was; Hý het gebied, en dit staan. *Psalms 33:6, 9*

> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (2) Hy was in die begin by God. (3) Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. *Johannes 1:1-3*

> Hy [Christus] is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; (16) **want in Hom is alle dinge geskape** wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. (17) En Hy is voor alle dinge, **en in Hom hou alle dinge stand**. *Kolossense 1:15-17*

Omdat alle dinge "bestaan" deur die Seun van God, beteken dit dat sonder die voortdurende werking van Sy krag daar totale chaos sal wees. Kyk hoe word dit deur A.T. Jones uitgedruk:

> Kohesie (samehang), in die wetenskap, is om saam te hou. Maar wat is kohesie? Al antwoord wat die wetenskap kan gee is dat die woord "kohesie" van twee Latynse woorde kom, "ko" en "haerere", wat beteken

> om saam te hou; met ander woorde kohesie is kohesie; dit is die antwoord. Daar is ‘n beter antwoord as dit. Daar is God se antwoord en Hy sê vir ons **kohesie is die krag van God wat in Jesus Christus in die skepping geopenbaar word; want deur Hom bestaan alle dinge, sluit saam, hou bymekaar; dit is kohesie**. Vry vertaal vanuit *GCB/GCDB*, 1893, p. 441.7

Alles in die wêreld word onderhou deur die krag van God in Sy Woord – ons Here Jesus Christus. Maar daar is een ding wat die orde wat deur hierdie mag onderhou word, kan ontwrig, en dit is sonde:

> En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. (11) Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (12) As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; ‘n swerwer en ‘n vlugteling sal jy wees op die aarde. *Genesis 4:10-12*

> Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die HERE het hierdie woord gespreek. (4) Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. (5) Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. (6) Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewonders van die aarde deur ‘n gloed verteer en bly daar min mense oor. *Jesaja 24:3-6*

## 3. Die Verhouding tussen die Mens en die Aarde

Let op dat die vloek wat voortspruit uit Kain se moord op sy broer, lewelose natuur ingesluit het. Die rede hiervoor was omdat Adam, as die hoof (met heerskappy) van die aardse skepping, in verhouding met die natuur was volgens ‘n goddelike patroon:

> En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en **laat hulle heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en **oor die hele aarde** en oor al die diere wat op die aarde kruip. (28) En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en **heers oor** die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. *Genesis 1:26, 28*

Nadat Adam gesondig het, het die aarde en alles daarin sy opstand teen God begin weerspieël. Dit verklaar die verskynsels van diere-roofsug en giftige onkruidplantegroei:

> En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – **vervloek is die aarde om jou ontwil**; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) **Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring**; en jy sal die plante van die veld eet. *Genesis 3:17-18*

In die goddelike patroon is die aarde en alles daarop ‘n spieël van die mens. God het dit gedoen sodat die mens na die gebeure in die natuur kan kyk en erken dat daar iets verkeerd was in sy verhouding met God en geregtigheid as gevolg van sonde. ‘n Warboel in die natuur was ‘n openbaring van ‘n warboel in die psige van die mens, sodat die mens ‘n visie kon hê om makliker te kon verstaan en dan berou te hê. As die mens in harmonie met God was, sou die aarde dit ook weerspieël deur goeie vrugte te dra.

Dit is hoekom die nasies rondom Israel, wat daarop aangedring het om in hul afgodery te bly, die volgende weerspieëling van hul eie opstand teruggekry het van die aarde waarop hulle geleef het:

> So **het die land dan onrein geword**; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspuug. (28) Laat **die land julle dan nie <u>uitspuug</u> as julle dit verontreinig nie, soos <u>dit</u> die nasie <u>uitgespuug</u>** het wat daar voor julle was. *Levitíkus 18:25, 28*

Die aarde openbaar ook wat daar deur die vyand van God gesaai was:

> En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid verdaan? (28) En hy antwoord hulle: ‘n Vyandige mens het dit gedoen. *Matthéüs 13:27-28*

Die vyand in die Here se land was Satan, wie na die sondeval van ons eerste ouers, eienaarskap oor ons wêreld geëis het:

> En op ‘n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. (7) Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van ‘n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. *Job 1:6-7*

> Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. (6) En die duiwel sê vir Hom: **Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heelikheid, want dit is aan my oorgegee**, en ek gee dit aan wie ek wil. (7) As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. *Lukas 4:5-7*

> Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want **die owerste van hierdie wêreld** kom en het aan My niks nie. *Johannes 14:30*

Daarom, vanaf die dae van Adam se sondeval weerspieël die aarde Adam se karakter van rebellie teenoor God deur die invloed van sy nuwe meester, Satan.

> Onder die vloek van die sonde sou die hele natuur teenoor die mens getuig van die gevolge van opstand teen God. God het die mens gemaak om oor die aarde en alle lewende wesens te heers. Solank Adam aan die Hemel getrou gebly het, was die ganse natuur hom onderdanig. Maar toe hy teen die Goddelike wet opstaan, het die minderwaardige skepsele teen hom opgestaan. So het die Here in Sy genade geprobeer om die heiligheid van Sy wet aan die mense te verduidelik en om hulle deur eie ervaring te laat leer hoe gevaarlik dit is om dit, selfs in die geringste mate, te veronagsaam. *Patriarge en Profete*, bl. 52.3

> Nie net het die mens onder die mag van die bedrieër gekom nie, maar die aarde self, die heerskappy van die mens, was deur die vyand toegeëien. Vry vertaal vanuit *Bible Echo*, July 15, 1893

## 4. Die Vloed Volg Dieselfde Beginsel

As dit nie vir God se genade deur Christus was nie, sou Satan al sy onderdane vernietig het. Satan maak gebruik van mense slegs wanneer hulle agente van sy filosofie – sonde – word. Dus, gedurende die tyd voor die vloed, was hy verheug dat die mensdom sy karakter weerspieël. Mense is so baie saamgesmelt met sonde en het hulself so sterk gevestig in hulle sonde, dat dit sal lei tot die onttrekking van God se onderhoudende krag in Christus regoor die wêreld:

> Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. *Genesis 6:3*

Die mense voor die vloed het God se genadige uitnodiging deur Noag verwerp en die pleitende Gees van Christus weggewys. God het voorspel dat, teen die pas waarteen daar dieper in goddeloosheid verval, dat die volk na 120 jaar, volkome vir Christus in hulself sou gekruisig het en sodoende die onderhoudende krag van God in Christus verwyder/gekruisig het en die aarde sou toegelaat word om ten volle die karakter van hul sondeval te openbaar:

> Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde **wat uit water** en deur water **ontstaan** het deur die woord van God, (6) waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het. (7) Maar die teenswoordige hemele en die aarde is **deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense**. *2 Petrus 3:5-7*

Die mense voor die vloed het nie erken dat dit die krag van Christus was wat die elemente van die wêreld versamel het nie. Hulle het gedink dat die prosesse van die natuur onderhou was deur 'n inherente krag wat in die natuur self vervat is en daarom het Noag se waarskuwing vir die komende vloed vir hulle irrasioneel gelyk. Die Skrif vertel ons egter dat die krag wat alles onderhou, Christus is – die lewende Woord van God. Hier wys Petrus dat dieselfde proses wat tot 'n watervloed gelei het, ook na die millennium sal lei tot die vuurvloed, en soos die eersgenoemde veroorsaak is deur die kruisiging van die lewende Woord van God, sal die laasgenoemde die gevolge wees van 'n soortgelyke proses. Die harte van die mense was heeltemal verhard in hulle totale verwerping van die pleidooi van Christus; hulle finale reaksie op Sy Gees was om hand uit te ruk en om dit dood te maak. Die uitsetting van die Gees van God deur die sondes van die mense wat voor die vloed geleef het, was die rede vir daardie vloed:

> Omdat hulle die waarskuwing verwerp het, is **die Gees van God aan die sondige geslag onttrek** en hulle het in die sondvloed omgekom. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 390

> Met knaende berou oor sy eie sonde en sy dubbele verlies in die dood van Abel en die verwerping van Kain is Adam deur sielefoltering gekwel. Hy het die **toenemende bederf** aanskou **wat uiteindelik tot die verwoesting van die wêreld deur 'n sondvloed gelei het**; *Patriarge en Profete*, bl. 77.1

Dit word duidelik deur Genesis 6 aandagtig te lees:

> Genesis 6:13-14 En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg [Strong H7843]. (14) Maak vir jou ‘n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk.

As ons die woord *vernietig/verdelg* in Hebreeus ondersoek, sal ons sien dat dit die volgende betekenis het:

> H 7843: A primitive root; to decay, i.e. (causatively) ruin (literally or figuratively) -- batter, cast off, **corrupt**(-er, thing), destroy(-er, -uction), lose, mar, perish, spill, spoiler, X utterly, waste(-r).

Dieselfde woord word in die verse net voor vers dertien gebruik:

> Genesis 6:11-12 Maar die aarde was verdorwe [H7843] voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en – dit was verdorwe [H7843], want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.

As ons die woord *vernietig/verdelg*, wat die vertalers vir dieselfde Hebreeuse woord in Genesis 6:13 gebruik het, sal die vers soos volg wees:

> Genesis 6:11-12 Maar die aarde was *vernietig* voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en – dit was *vernietig*, want alle vlees het sy wandel op die aarde *vernietig*.

*Die aarde self was bevlek met die onsedelikheid en geweld van die mense en daarom het God gesien dat, in sy finale fase, die aarde aan die mense se rebellie sou uiting gee*. Daarom het Jesus in die dae van Sy aardse lewe aan die skare gesê:

> En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, **Ek oordeel hom nie**; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. (48) Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag**. *Johannes 12:47-48*

Hier skei Jesus Homself van die werk van die oordeel wat in Sy Woord funksioneer om te wys dat in Sy Woord, wat “alle dinge dra” (Hebreërs 1:3), was Hy ‘n onafhanklike en onpartydige skeidsregter wat die mens se

boosheid weerspieël en hulle straf wanneer hulle weier om hul te bekeer. As gevolg hiervan, wanneer Christus die tweede keer terugkom, word Hy op die volgende wyse voorgestel:

> TOE het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en **Hy oordeel en voer oorlog** in geregtigheid. (12) En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. (13) En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en **sy Naam is: Die Woord van God**. (14) En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. (15) **En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan**; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. *Openbaring 19:11-15*

## 5. Die Spieël van die Wet

Jesus keer terug as die verteenwoordiger van Sy Vader se karakter. As die lewende Woord van God, verpersoonlik Hy die beginsels van God se wet van liefde. Maar hierdie selfde liefde, wat werk in die redding van alle berouvolle sondaars, blyk terselfdertyd om ‘n “dodelike reuk” te wees vir die goddelose:

> Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat **die reuk van sy kennis** deur ons oral versprei. (15) Want ons is ‘n **aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan**; (16) vir die laaste **‘n reuk van die dood tot die dood**, maar vir die eerste ‘n reuk van die lewe tot die lewe. En Wie is tot hierdie dinge bekwaam? *2 Korinthiërs 2:14-16*

Dieselfde liefde van God wat lewe gee vir die regverdiges, is dodelik vir die goddeloses. Let versigtig op dat **liefde nie sy eienskappe verander nie**, want dit is dieselfde reuk vir die twee klasse mense, maar die impak daarvan hang af van die soort mens waaraan dit blootgestel word. Hierdie proses word verduidelik in die feit dat, wanneer die goddeloses God sien soos Hy is – absolute onselfsugtige liefde, in die lig van hierdie teenwoordigheid, vertoon hulle sondes hulself in hul ware omvang, hul selfverleiding word deur die suiwer lig van waarheid weggevee, en sodoende val die dodelike gevolge van sonde op hulle, en bevestig hulle “die loon van die sonde is die dood”

(Romeine 6:23). As God die bron van daardie dood was, dan sou die vers moes sê *die loon van God vir sonde is die dood*. Maar God is nie die bron van die dood nie. Daarom, deur die sonde toe te laat om die goddeloses te verbrand, hou die dood self op om te bestaan:

> En die **dood** en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. *Openbaring 20:14*

As God die direkte uitvoerder is van hierdie oordeel, dan sal die dood in God onsterflik gemaak word. Tog weet ons dat daar in ons hemelse Vader geen duisternis hoegenaamd is nie:

> Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. *Jakobus 1:17*

> En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en **geen duisternis** is in Hom nie. *1 Johannes 1:5*

Hoekom is dit so moeilik vir mense om die manier waarop die skepping reageer op sonde, te begryp en dus God as ‘n vernietiger te misverstaan? Dit is omdat onsself, sonder die verstand van Christus, klein verwoestertjies is, wat in die beeld van ons vleeslike vader Satan, wie DIE vernietiger (Johannes 8:44, Openbaring 9:11) is, gemaak is. Ons kyk na die wet en die wetsonderhouer en ons sien ons eie gesig soos in ‘n spieël.

> Want as iemand ‘n hoorder van die woord is en nie ‘n dader nie, dié is soos ‘n man wat sy natuurlike gesig in ‘n spieël sien. *Jakobus 1:23*

Wat die weerkaatsende eienskappe van die wet betref, is daar baie voorbeelde in die Skrif. Jesus het plek gemaak vir die ontwikkeling van so ‘n proses, toe Sy dissipels in hulself die nasionale sonde van rasse-onverdraagsaamheid vertroetel het:

> En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek. (22) En ‘n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. (23) **Maar Hy het haar nie ‘n woord geantwoord nie**. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: **Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan**. (24) Maar Hy antwoord en sê: **Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel**. (25) Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! (26) Maar Hy

antwoord en sê: **Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die <u>hondjies</u> te gooi nie**. (27) En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. (28) Toe antwoord Jesus en sê vir haar: **O Vrou, groot is jou geloof**; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. *Matthéüs 15:21-28*

In hierdie situasie, het Jesus Sy dissipels se rasse-onverdraagsaamheid in Sy hoedanigheid as die lewende Wet van God/Woord van God weerspieël, sodat Hy hulle kon help om hulle sonde te sien en ook om die geloof van die vrou uit Sidon te toets wat nodig gehad het om haar eie vooroordele teenoor 'n Joodse messias te oorkom. Ons kan sien hoe die wet in hierdie geval nie die ware karakter van God weerspieël het nie, maar eerder die dissipels se sondige gedagtes, omdat die dissipels die wet gehoor het en nie gedoen het nie:

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. (23) Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; *Jakobus 1:22-23*

Nog 'n soortgelyke voorbeeld kan ons vind in Jesus se gelykenis van die ryk man en Lasarus:

En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. (23) En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. (24) En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. *Lukas 16:22-24*

In hierdie gelykenis het Christus die mense op hul eie vlak behandel. Vele wat na Christus geluister het, het in die leer van 'n bewuste voortbestaan tussen die dood en die opstanding geglo. Die Heiland het van hul idees geweet, en Hy het Sy gelykenis op so 'n wyse gestel dat belangrike waarhede deur hierdie vooropgestelde menings ingebring kon word. <u>Hy het vir Sy toehoorders 'n *spieël* voorgehou</u> waarin hulle <u>hulle ware verhouding tot God</u> kon sien. Hy het die heersende sienswyse gebruik om die gedagte oor te dra wat Hy voor almal wou benadruk – naamlik dat geen mens se waarde volgens sy besittings bereken kon word nie; want

> alles wat hy besit, is net deur die Here aan hom geleen. Misbruik van hierdie gawes sal hom onderkant die armstes en mees geteisterde man stel wat God liefhet en op Hom vertrou. *Gelykenisse van Christus, bl. 183; Christ's Object Lessons*, p. 263.2

Die doel van hierdie proses, waar die wet die sondaar se denke weerspieël, is om die sondaar te help om sy onthulde toestand te sien – 'n diagnose van sy "ware verhouding met God" – om hom tot bekering te lei, sodat hy in staat sal wees om God se oorvloed van reddende genade te ontvang:

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; *Romeine 5:20*

Maar wanneer die sondaars elke geleentheid wat God aan hulle gegee het, verwerp en hulle hulself volkome met hul sondes geïdentifiseer het, sal dieselfde weerspieëling van die wet hulle vernietiging toelaat, as gevolg van hulle sondes:

> Rykdom, mag, genie, welsprekendheid, trots, verdraaide motief en passie word aangewys as Satan se agente om sy werk te doen om die breë pad aantreklik te maak, bestrooi met aanloklike blomme. Maar elke woord wat hulle teen die wêreld se Verlosser gespreek het, **sal op hulle teruggereflekteer word en sal eendag in hul skuldige siele soos gesmelte lood brand**. Hulle sal **oorweldig word met vrees en skaamte, soos hulle die verhewe een sien wat in die wolke van die hemel kom met krag en groot heerlikheid.** Dan sal die dapper spotter, wie hom opgehef het teen die Seun van God, **homself sien in die ware swartheid van sy karakter**. **Die skouspel van die onuitspreeklike heerlikheid van die Seun van God sal baie pynlik wees vir diegene wie se karakters met sonde besmet is**. **Die suiwer lig en glorie wat uit Christus straal, sal berou, skaamte en vrees opwek**. Hulle sal weeklae van angs na die rotse en berge uitstuur: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, April 1, 1875, par. 7

## 6. Die Openbaring van die Kruis

> Die verborgenheid van die kruis verklaar alle ander verborgenhede. In die lig wat straal van Golgota is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en bewing vervul het nou heerlik en aantreklik. Ons sien hoedat genade, teerheid, en ouerlike liefde saamsmelt met heiligheid, geregtigheid, en krag. Terwyl ons die majesteit van Sy troon aanskou wat hoog en verhewe is, sien ons Sy karakter in al Sy heerlike openbarings, en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare naam, "Onse Vader". *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 588

Aan die kruis word gesien dat sonde inderdaad die dood is. God het dit van die begin af gesê:

> maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. *Genesis 2:17*

Die rede waarom Adam en Eva nie dadelik gesterf het nie, was omdat Christus in hul plek begin ly het:

> …van die grondlegging van die wêreld af…die Lam wat geslag is… *Openbaring 13:8* (Sien ook King James Version)

Adam het die filosofie van Satan omhels, en dit was uiterlik geopenbaar deur die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. Volgens hierdie filosofie was God nie werklik bekommerd oor die mens se welsyn nie, en Sy gawes was slegs die middel waardeur Hy almal in Sy koninkryk in onderdanigheid aan Hom plaas:

> Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. *Genesis 3:4-5*

## 7. Die Verberging van God se Aangesig

Met hierdie gedagte het Adam en sy vrou begin glo dat dit nie sonde is wat tot die dood lei nie, maar eerder dat God die oortreders van Sy wet vermoor. Dit verklaar hul reaksie na hul sondeval:

> En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; **en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God** tussen die bome van die tuin. *Genesis 3:8*

Hierdie denke het diep vasgesteek in die gedagtes van al Adam se afstammelinge. Nou kan ons makliker verstaan waarom die natuurlike mens die dood op Golgota as 'n direkte daad van God aanskou:

> Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het hy gedra; **maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan** en verdruk was. *Jesaja 53:4*

Dit was nie God nie, maar sonde wat Jesus aan die kruis doodgemaak het, wat Sy Vader se barmhartige aangesig verberg het:

> En omtrent die negende uur het Jesus met ‘n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? *Matthéüs 27:46*

Hier spreek Jesus uit die eerste woorde van Psalm 22, wat 1000 jaar vroeër Sy ervaring aan die kruis voorspel het. Verderaan in hierdie Psalm sien ons die waarheid of die Vader Sy aangesig van Sy Seun verberg het of nie:

> Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei **en sy aangesig vir hom nie verberg nie**; maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp. *Psalms 22:25*

Die Vader was daar en het saam met Sy Seun gely, tog kon Jesus dit nie voel nie, omdat die skuld vir die sonde van die wêreld Hom in duisternis omring het:

> **In daardie stikdonkere duisternis was Gods teenwoordigheid verberg**. Hy maak die duisternis Sy skuilplek, en bedek Sy heerlikheid vir die oë van mense. God en Sy heilige engele was daar by die kruis. **Die Vader was by Sy Seun. Maar Sy teenwoordigheid is nie geopenbaar nie**. As Sy heerlikheid uit daardie wolk geskyn het, sou elke menslike toeskouer verslind gewees het. En in daardie vreeslike uur sou Christus nie vertroos word met die Vader se teenwoordigheid nie. Hy het die parskuip alleen getrap, en van die volk was daar niemand om Hom te help nie. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 693.4-694.1

> Die vlekkelose Seun van God het aan die kruis gehang, Sy vlees stukkend geslaan; daardie hande wat so dikwels in seën uitgestrek was, is aan die kruishout vasgenael; daardie voete wat so onvermoeid geloop het om liefdesdiens te verrig, is vasgespyker aan die hout; daardie koninklike hoof is verwond deur die doringkroon; daardie bewende lippe het nou in angs uitgeroep. En alles wat Hy verduur het – die bloed wat getap het van Sy hoof, van Sy hande en voete, die foltering van Sy liggaam, en die onbeskryflike angs wat Sy siel vervul het toe **die Vader Sy aangesig verberg het** – spreek tot elke mensekind, en sê: **Dit was vir jou dat die Seun van God die sondeskuld gedra het**; vir jou het Hy die heerskappy van die dood verbreek, en die poorte van die Paradys oopgemaak. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 695.3

Dit lyk of die aangesig van God weggesteek was van Sy dierbare Seun, want op daardie presiese oomblik was Christus die Sondedraer:

> God laat toe dat Sy Seun oorgelewer word vir ons oortredinge. Hy self aanvaar teenoor die Sondedraer die karakter van 'n regter, en ontneem Homself van die beminde eienskappe van 'n vader. Vry vertaal vanuit *The Faith I Live By*, p. 104.7

God het nie opgehou om Sy Seun lief te hê nie. God is liefde en Hy verander nie Sy persoon en Sy karakter nie. Wat beteken dit dan, dat Hy teenoor die Sondedraer die karakter van 'n regter aanneem? Dit beteken dat **die barmhartige eienskappe van ons hemelse Vader van die sondaar se oogpunt nie gesien word nie, omdat die filosofie van sonde hulle van hom verberg**. Hierdie toestand om ontkoppel te word van God en om oorgelaat te word aan die gevolge van sonde, is God se toorn:

> Hy, die draer van die sonde, verduur die toorn van goddelike geregtigheid, en om jou ontwil, word Hy die sonde self. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 695.4

Hierdie is geensins 'n karakterverandering aan God se kant, waar Hy ophou om genade te bewys omdat Sy geduld op is nie. Dit is wel die wyse waarop die sondaar God aanskou. Ons sien hoe Kain hierdie denke uitdruk nadat hy sy broer doodgemaak het:

> Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om dit te dra. (kantlyn in King James Version: My ongeregtigheid is groter as wat kan vergewe word) *Genesis 4:13*

Die Bybelvertaler se kantlynnotas toon hoe die Hebreeus die idee insluit dat Kain gedink het dat sy skuld onvergeeflik was. Hierdie gedagte word ook vertaal in die Douay-Rheims 1899 Amerikaanse Uitgawe, asook Wycliffe se vertaling.

> And Cain said to the Lord: My iniquity is greater than that I may deserve pardon. *Genesis 4:13* (*DRA*)

> And Cain said to the Lord, My wickedness is more than that I deserve forgiveness (for); *Genesis 4:13* (*Wycliffe*)

Adam Clarke sê die volgende in sy kommentaar oor Genesis 4:13:

> Die oorspronklike woorde kan vertaal word, "*Is my misdaad te groot om vergewe te word*?" - woorde wat ons kan aanneem hy geuiter het op die rand van duistere wanhoop. Dit is heel waarskynlik dat [die Hebreeuse woord] *avon* eerder die *misdaad* as die *straf* aandui; in hierdie sin word dit gebruik in Lev 26:41; Lev 26:43; 1 Sam 28:10; 2 Kon. 7:9; en [die Hebreeuse woord] *nasa* beteken om kwyt te skeld of te vergewe. **Die *kantlynnotas* moet dus verkies word bo dié in die teks**.

Dit is die denke van sonde. Dit is deur sulke bedrog dat sonde die mens vermoor, deurdat dit die wet van God gebruik:

> En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. (11) Want die sonde het geleiding gevind deur die gebod en **my verlei en daardeur gedood**. *Romeine 7:10-11*

> Het die regterstoel wat onheil stig, met U gemeenskap; **wat moeite versin teen die insettinge in**? *Psalms 94:20*

Al die sonde se gewig, met die verskriklike dwaaldenke en begrip wat daarmee gepaard gaan, het neergedruk op Jesus en Sy siel verpletter en Sy liewe Vader se aangesig verberg.

> Satan, met sy vurige versoekings, **het die hart van Jesus gewring**. **Sonde, so haatlik voor Sy aangesig, is op Hom gehoop totdat Hy onder die gewig gekreun het**. Geen wonder dat Sy menslikheid in daardie verskriklike uur gebewe het nie. Engele het met verbasing die wanhopige doodstryd van die Seun van God aanskou, ***soveel groter as Sy fisiese pyn dat laasgenoemde byna nie deur Hom gevoel is nie***. Die leërskare van die hemel het hulle aangesig van die verskriklike skouspel verberg. Vry vertaal vanuit *Story of Redemption*, p. 225.2

Dit was nie tot dit gebeur het nie, dat dit duidelik geword het wat die vrug van die sonde is – "jy [sal] sekerlik sterwe" (Gen 2:17). Niemand het ooit in die volle duisternis van die finale dood geval wat deur sonde veroorsaak is, voor Jesus dit gedoen het nie, en niemand het sedert Jesus so gesterf nie. Vir die mens wat Sy offer verwerp, sal hulle, aan die einde van die 1000 jaar by die 2de opstanding, die gevoel verstaan, wat Jesus gevoel het.

Niemand het al ooit so 'n dood gesterf as wat Jesus gesterf het nie en daarom noem die Skrif Hom die eersgeborene van die dood of die eersgeborene uit die dode, ondanks die feit dat Hy nie chronologies die eerste een was wat uit die graf opgewek is nie:

> en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eergeborene uit die dode… *Openbaring 1:5*

> En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. *Kolossense 1:18*

Die Skrif toon dat God nie die dood as die absolute dood reken waarmee alle mense van die menslike geskiedenis sterf nie – dit is slegs 'n slaap:

> En baie van die wat **in die stof van die aarde slaap**, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en **sommige** tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. *Daniël 12:2*

Selfs die onregverdiges word voorgestel in 'n slaaptoestand, want dit is nie die uiteindelike dood nie. Jesus se verklarings oor die slapende regverdiges is selfs sterker:

> En wat die opstanding van die dode betref – het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie; (32) Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. *Matthéüs 22:31-32*

> Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; (26) en **elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie**. Glo jy dit? *Johannes 11:25-26*

## 8. Die Oordeel

Ons liefdevolle Vader het Sy kosbare Seun gegee om te sterf as gevolg van ons sondes – 'n dood waaruit Sy Seun nooit opgewek sou wees nie, as Hy selfs een sonde gepleeg het. Hy het dit gedoen, sodat ons behandel kan word soos Sy Seun verdien, en dit is om vir ewig te leef. Maar omdat God niemand dwing om Sy Seun se plaasvervangende dood te aanvaar nie, sal daar 'n tweede dood wees:

> En ek **het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit**, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. (12) En **ek het die dode**, klein en groot, voor God **sien** staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. (13) En die see het **die dode** gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, **elkeen volgens sy werke**. (14) **En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp**. **Dit is die tweede dood**. *Openbaring 20:11-14*

Hierdie teks word gevind net na die beskrywing van die vuur wat die goddelose verteer, wat die onderwerp van ons studie is. Dit lyk soos 'n verduideliking van daardie verse, want dit herhaal die gebeurtenis op 'n ander manier. Dit toon dat die oordeel uit die manifestasie van die karakter van die Een wat op die groot wit troon sit, kom. Dit is ook belangrik om daarop te let dat diegene wat die oordeel ontvang, dood genoem word (selfs nadat hulle opgewek is) en dit is omdat hulle "dood was deur die misdade en die sondes" (Efe 2: 1, 2, 5). Daarom is hulle oordeel net 'n openbaring van wat reeds geestelik met hulle gebeur het. Dood en hel word ook in die poel van vuur gegooi, wat beteken dat die oordeel nie direk deur God uitgevoer kan word nie, anders sou die dood in Sy persoon onsterflik wees in plaas daarvan om in die poel van vuur gegooi te word. Uiteindelik is die oordeel oor hierdie mense die gevolg van hul weiering om te aanvaar dat Christus vir hulle gesterf het. Dit beteken dat Christus se kruisdood baie ooreenstem met die dood van hierdie mense, omdat hulle deur hulle sondes verteer word:

> Want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word – hulle liggame word **buitekant die laer verbrand**. (12) Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, **buitekant die poort** gely. *Hebreërs 13:11-12*

> Christus het die angs gevoel wat die sondaar sal voel wanneer genade nie langer sal pleit vir die sondige geslag nie. Dit was die besef van die sonde, die plasing van die Vader se toorn op Hom as die mens se plaasvervanger, wat die beker wat Hy gedrink het, so bitter gemaak het, en wat die hart van die Seun van God gebreek het. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 693.2

> Diegene wat die genade so vrylik verloën, sal gebring word tot die plek waar hulle die waarde besef van wat hulle verag het. **Hulle sal die doodstryd voel wat Christus aan die kruis verdra** het om verlossing te koop vir almal wat dit wil ontvang. En hulle sal dan besef wat hulle verloor het - die ewige lewe en die onsterflike erfenis. Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, September 4, 1883

Buite die kamp beteken die plek waar die sondedraer nie ons Vader se genadige aangesig kan sien nie. Jesus praat oor hierdie plek op die volgende wyse:

> En sy heer het hom in toorn **oorgegee aan die pynigers** totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. (35) **So sal ook my hemelse Vader** aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie. *Matthéüs 18:34-35*

> En sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. *Matthéüs 13:42*

> Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. *Matthéüs 22:13*

Geestelike duisternis is die toestand waar sondaars so innig een word met die filosofie van sonde, dat hulle nie meer die lig van die karakter van God kan sien en waarneem nie. In elke geval waar Jesus van hierdie plek / toestand praat, word die oordeel deur iemand anders bemiddel: die "pynigers" of "diensknegte" sal hulle “bind" en hulle "werp", wat die idee bevestig dat God nie die direkte beul (of laksman) is van die doodsvonnis nie; dit word deur hul eie sondes gedoen voor die aangesig van Sy glorieryke en liefdevolle teenwoordigheid:

> Dit is nie die arbitrêre gebruik van mag aan die kant van God nie. Die verwerpers van Sy genade oes wat hulle gesaai het. God is die bron van die lewe, en wanneer ‘n persoon die sonde kies, skei hy homself van God

> af, en so sny hy homself af van die lewe. Hy is "vervreemd van die lewe van God." Christus sê, "Almal wat My haat, het die dood lief." Efe. 4:18; Spreuke 8:36. God laat hulle vir 'n tyd lewe, sodat hulle hulle karakter kan ontwikkel en hulle beginsels kan openbaar. Daarna oes hulle die gevolge van hulle eie keuse. Deur 'n lewe van rebellie, sny die Satan, en almal wat met hom saamstaan, hulle so volkome van God af dat Sy teenwoordigheid vir hulle soos 'n verterende vuur is. Die heerlikheid van Hom wat liefde is, sal hulle vernietig.
>
> In die begin van die groot stryd, het die engele dit nie verstaan nie. As die Satan en sy leërskare toe die gevolge van hulle sonde sou geoes het, sou hulle vergaan het; maar dan sou dit nie vir die hemelse wesens duidelik gewees het dat dit die onvermydelike gevolge van die sonde was nie. Daar sou in hulle harte twyfel bestaan het oor die goedheid van God, soos bose saad wat sy dodelike vrugte van sonde en ellende sou voortbring.
>
> Maar dit sal nie so wees aan die einde van die stryd nie. Dan sal die verlossingsplan volbring wees, en die karakter van God geopenbaar word aan al die geskape wesens. Die gebooie van Sy wet sal as volmaak gesien word, en onveranderlik. Die sonde sal dan sy aard geopenbaar het, en die Satan sy karakter. Dan sal die uitroeiing van die sonde Gods liefde bewys, en Sy eer bevestig voor 'n heelal van wesens wat 'n behae het om Sy wil te doen, en in wie se harte Sy volmaakte wet is. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 704.4 – 705.2

In die lig van die kruis kan ons verstaan dat God se toorn baie anders is as wat baie mense dink.

> Christus het baie gevoel soos sondaars sal voel *wanneer die bekers van God se toorn oor hulle uitgegiet word*. Donker wanhoop, soos die mantel van die dood, sal oor hulle skuldige siele versamel, en dan sal hulle die sondigheid van die sonde tot die uiterste besef. Vry vertaal vanuit *Testimonies*, Vol. 2, p. 210.1

Hier is een Bybelse definisie van God se toorn:

> Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. (5) En nadat Hy hulle rondom met **toorn** aangekyk het ***en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart***, sê Hy vir die man: Steek jou hand

> uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een. *Markus 3:4-5*

Jesus se toorn kom van Sy verdriet as gevolg van die verharding van menslike harte. Dit was nie 'n woede wat Hom so ver gebring het om mense te vernietig nie, want dit sou die sesde gebod verbreek en teen Sy karakter indruis, maar dit is eerder 'n hartseer wat voortspruit uit die feit dat Sy kinders sonde toegelaat het om hulle van Hom te skei en hulle daarom van Sy seëninge ontneem – wat uiteindelik tot hul dood lei, aangesien hulle hulself van die bron van lewe afsny. Die daaropvolgende daad van Jesus was nie om te moor nie, maar die genadige genesing van die man met die verdorde hand.

Wat openbaar die geheimenis van die kruis vir ons omtrent die manier waarop die goddelose na die millennium sal sterf? Dit wat Christus doodgemaak het, was nie Sy liggaamlike lyding van die spykers en die gésel nie; ons word vertel dat die fisiese lyding amper nie deur Hom gevoel was nie, omdat Sy siel se foltering as gevolg van die skuld van die wêreld, soveel groter was as Sy fisiese pyn. Ons weet ook dat die fisiese lyding deur Satan geïnspireer is en nie deur God nie; dit het begin toe Satan in die hart van Judas ingevaar het om Christus te verraai. Ons word vertel dat die dood van die goddelose baie dieselfde sal wees. In die lig van God se heilige wet, is die dood van hulle wat deur hulle sondes doodgemaak word, absoluut identies aan dié van Christus, wie eerste was wat deur hierdie soort dood gesterf het, sodat niemand daardeur sou moes sterf nie. Die enigste verskil is dat Christus in geloof aan die genade van Sy Vader kon vashou, en Psalm 16:10-11 glo en daarom kon sonde Hom nie van Sy Vader skei nie, terwyl die sondaar glo dat die skeiding volkome is en dat God sy siel in die hel *sal* laat.

> Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. (28) U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig. *Handeling 2:27-28*

Dit is hierdie geloof in God se genade, wanneer al ons sondes deur ons gedra word en ons in die duisternis is, wat Jesus aan ons bied. Dit is hier waar Jesus die wêreld se hardheid van hart oorwin het.

# 9. Die Goddelike Patroon van die Vuur

Die fisiese en geestelike lyding van Jesus volg die goddelike model van bron en kanaal:

> dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, (3) in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. Kolossense 2:2-3

> tog is daar vir ons maar **een God, die Vader** **uit wie** alles is, en ons tot Hom, en een **Here Jesus Christus** **deur wie** alles is, en ons deur Hom. *1 Korinthiërs 8:6*

> Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (2) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. (3) **Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese…** *Hebreërs 1:1-3*

Die onsigbare God is geopenbaar deur Sy Seun – ons Here Jesus Christus. Die Seun is deur God verwek; Hy openbaar en verhef Sy Vader se heerlikheid. Deur hierdie verhoudingspatroon kan ons die verhouding tussen Christus se fisiese (sigbare) en geestelike (onsigbare) lyding aan die kruis beter verstaan. Die gevolgtrekking uit hierdie patroon is dat die bron van Christus se lyding, sonde was, eerder as Sy fisiese slegte behandeling. Christus het gesterf van die skuld van sonde wat Sy siel verpletter het, nie van Sy fisiese kruisiging aan die kruis nie. Dit is waarom Pilatus so verbaas was dat Hy so vinnig gesterf het, want dit moes fisies baie langer geneem het (sien Markus 15:44); die twee misdadigers langs Jesus was nog lewendig toe Jesus gesterf het en hul bene moes gebreek word sodat die dood vinniger kon intree (Johannes 19: 31-33).

Die fisiese lyding was slegs 'n uitdrukking van Sy sielefoltering. Dus, met diegene wat in die tweede dood sterf, is die bron van lyding geestelik - die vurige vertering van hulle sondes voor die aangesig van hul liefdevolle Vader en Sy Seun. Daarom kom die geestelike lyding deur die skuldgevoelens en die fisiese lyding is 'n openbaring van sataniese woede.

Weereens word dit in die offers van die Ou Testament gedemonstreer. Die sondaar het die dier geslag wat is dan deur die vuur op die altaar verteer.

Deur hierdie simbool is getoon dat die bron van lyding en dood nie die fisiese vuur is wat die offer verteer het nie, maar die ervaring van die skuld vir sondes. Deur die belydenis van sondes oor die onskuldige offer en die slagting met die hand, moet die sondaar besef dat dit sy sonde was wat Christus doodgemaak het. Ons weet ook dat God vir Elia gesê het dat Hy nie in die vuur was nie (1 Konings 19:12). Maar toe die Israeliete na Sinai gekom het, het hulle die heerlikheid van die Here as 'n verterende vuur beskou (Ex. 24:17). Hulle valse persepsie van God het hulle mislei en deur misleiding het hierdie valse persepsie vrees in hul harte veroorsaak en hulle uiteindelik in die woestyn gedood (Num 14:20-29). Dus, die verterende vuur is 'n reaksie op die sondaar se persepsie van oordeel. God is nie in die vuur nie, maar die teenwoordigheid van God veroorsaak dat die grimmigheid in die sondaar as vuur geopenbaar word. Sonde neem aanleiding deur die gebod en maak die sondaar dood (Rom 7:11).

Aan die kruis het Christus gesterf volgens die wet, wat deur die mens se sonde verdraai is, sodat Hy die straf van sonde van die hele wêreld op Homself gedra het. Net so vergaan die goddelose na die millennium as gevolg van die lyding van die siel in die volle besef van die aard van hulle sondes voor die aangesig van God se wonderlike karakter, en die verbranding van hul liggame in die fisiese vuur is net die uiterlike uitbeelding daarvan. Innerlike skuldgevoel en vuur in die siel, sal as ‘n letterlike vuur geopenbaar word. Dit wys ons die goddelike patroon. Terwyl ons hierdie proses volg, soos dit in die Gees van Profesie beskryf word, sal ons ook 'n bevestiging vind vir die feit dat die direkte bron van die fisiese vuur nie God is nie, maar eerder die skuldige reaksie tot die liefdevolle karakter van God.

## 10. Die Goddelike Patroon en die Gees van Profesie

Voordat ons 'n gedeelte uit *Die Groot Stryd* ontleed, waar dit in meer besonderhede oor die oordeel ná die duisend jaar praat, wil ek die aandag daarop vestig dat die geskrifte van die Gees van Profesie ook in 'n goddelike patroonverhouding met die Bybel is. Dit was nie toevallig dat hulle die kleiner lig genoem word nie, want soos die Maan weerspieël hulle ook die lig van die bron (die Son/die Bybel):

> Daar word min aandag aan die Bybel gegee, en die Here het ‘n **kleiner lig gegee** om mans en vroue **na die groter lig te lei**. Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, January 20, 1903, Art. B, par. 9

> God het toe die twee groot ligte gemaak**: die groot lig** om te heers oor die dag en **die klein lig** om te heers oor die nag; ook die sterre. *Genesis 1:16*

Die Maan weerspieël die lig van die Son en maak sy lig toeganklik gedurende 'n donker nag. Wanneer ons hierdie verhouding besef, sal ons weet dat die lig van die Gees van Profesie nie die bron is nie, maar eerder 'n kanaal van die Bybel se lig. Hierdie kanaal is gegee om die lig van die Bybel meer beskikbaar te stel vir mense wat in die donker nag van die tyd van die einde van die mensgeskiedenis leef. Aangesien ons in die skaduwee van die donker middeleeue is, is die geestelike persepsie van die wêreld steeds so donker soos middernag deur die gebruik van die wyn van Babilon **-** daarom het God ons die Gees van Profesie gegee om ons duidelikheid te gee wat nodig is weens die botheid van ons verstand.

Aangesien die saak so is, dat wanneer die Woord van God, God se oordele oor die goddelose beskryf op 'n manier wat die natuurlike mens toelaat om God as 'n moordenaar te sien, sal die Gees van Profesie slegs daardie proses meer tasbaar maak. Dit sal die persepsie wat ons tans van God het, vergroot. Die doel hiervan is: om ons sondige indrukke oor ons Vader bloot te lê en ons tot berou te lei. Laat ons dit in gedagte hou terwyl ons lees oor die oordeel na die duisend jaar soos dit in die laaste hoofstuk van die boek *Die Groot Stryd* voorgestel word.

> Aan die einde van die duisend jaar kom Christus weer na die aarde toe terug. Hy word vergesel van ‘n leërskare van verlostes, asook deur ‘n gevolg van engele. Terwyl Hy in groot heerlikheid neerdaal, gebied Hy die goddelose dode om op te staan vir die uitvoering van hulle vonnis. Hulle kom voort, ‘n magtige leërskare, ontelbaar soos die sand van die see. Wat ‘n teenstelling is dit met diegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges het opgestaan, beklee met ewige jeug en skoonheid. Die goddelose staan op met die tekens van siekte en die dood.
> *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 598.1

Die fokus is Christus se majesteit – die heerlikheid wat Sy Vader se karakter uitstraal:

> Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele **in die heerlikheid van sy Vader** te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade. *Matthéüs 16:27*

Ons let daarop dat dit ook die fokus is in die gedeeltes wat volg:

> Elke oog in daardie groot skare is **<u>gerig op die heerlikheid van die Seun van God</u>**. Soos met een stem roep die goddelose menigtes uit, "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Dit is nie liefde vir Jesus wat aanleiding gee tot hierdie woorde nie. **Die krag van die waarheid dwing die woorde van onwillige lippe**. Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, so kom hulle voort, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar nie 'n nuwe genadetyd om die gebreke van die verlede aan te vul nie. **<u>Dit sou ook niks help nie</u>**. 'n Lewe van oortreding het nie hulle harte versag nie. **<u>As daar 'n tweede genadetyd aan hulle sou gegee word, sou hulle dit bestee net soos die eerste, in 'n ontduiking van die vereistes van God en in opstand teen Hom</u>**. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 598.2

Aanvanklik sien die goddelose net die uiterlike uitdrukking van hierdie heerlikheid en dit laat hulle die geregtigheid van God erken, net soos die kinders van Israel die heerlikheid van God op die berg Sinai erken het. Hierdie heerlikheid wring uit hul lippe woorde wat hulle nooit in ander omstandighede sal uiter nie. Dit is egter nie berou nie. Genade het opgehou om vir hulle te pleit, nie omdat God hulle nie kan of wil vergewe nie, maar omdat hulle voortdurend hulle sondes, in plaas van God, verkies, totdat hulle nie in staat is om ware bekering te beleef nie.

In die volgende 5 paragrawe van *Die Groot Stryd* (nie hier aangehaal nie) word daar verduidelik hoe Satan aan die opgestane goddelose skare van alle mensegeskiedenis voorstel dat hy die een was wat hulle opgewek het. Hy oorreed hulle om die goue stad - die Nuwe Jerusalem in te val, waar die verlostes is, en inspireer hulle met sy eie gees van haat teenoor Christus. Die ontelbare soldate van die leër berei hulself voor om die stad te verower en die oop poorte te ignoreer. Hul gedrag verskaf volledige bewyse dat hulle hul nooit sal bekeer nie. Dan beveel Christus dat die poorte van die stad gesluit sal word, en dan weer verskyn Sy heerlikheid met krag.

> Christus **verskyn nou sodat Sy vyande Hom kan sien**. Hoog bokant die stad, op 'n fondament van blink goud, is **'n troon, hoog en verhewe**. Op

> hierdie troon sit **die Seun van God**, en rondom Hom is die onderdane van Sy koninkryk. **Geen pen kan die mag en majesteit van Christus beskryf nie**. **<u>Die heerlikheid van die Ewige Vader omring Sy Seun</u>**. **Die Heerlikheid van Sy teenwoordigheid vervul die stad, maar dit strek buitekant die poorte en vervul die hele aarde met Sy glans**. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 600.4

Die volgende paar paragrawe beskryf die regverdiges se vreugdevolle toestand en dan lees ons:

> In die teenwoordigheid van die vergaderde bewoners van die aarde en die hemel, vind die finale kroning van die Seun van God plaas. En nou, beklee met die grootste majesteit en krag, spreek die Koning van die konings die vonnis uit op die rebelle teen Sy regering, en daar word regverdige straf uitgeoefen op diegene wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het. Die profeet van God sê: "Ek het 'n groot wit troon gesien, en Hom wat daarop sit voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." Openb. 20:11, 12. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 601.3

*Ons sien dat die oordeel oor die goddelose uitgespreek word in die konteks van die finale kroning van die Seun van God,* wat nou beklee is in Sy Vader se hoogste majesteit en mag. Dit is ook belangrik dat die visie nie voortgaan met die beskrywing in Openb. 20:7-9 waar van die vuur gepraat word nie, maar dit volg onmiddellik na die verse wat die groot en hoë troon beskryf. Die Gees van Profesie dui op hierdie manier aan wat die **bron** van die oordeel sal wees, d.w.s. die glorieryke openbaring van God se karakter van onbaatsugtige liefde. Soos Ellen White op 'n ander plek sê:

> Om te sondig, waar dit ookal gevind word, "onse God is 'n verterende vuur." Hebreërs 12:29. In almal wat homself aan Sy mag onderwerp, sal die Gees van God sonde verteer. Maar as die mens aan die sonde vasklou, word hulle daarmee geïdentifiseer. Dan moet die heerlikheid van God, wat die sonde vernietig, hulle vernietig. *The Faith I Live By*, p. 176.9

> Deur 'n lewe van rebellie, sny die Satan, en almal wat met hom saamstaan, hulle so volkome van God af dat Sy teenwoordigheid vir hulle

> soos ‘n verterende vuur is. Die heerlikheid van Hom wat liefde is, sal hulle vernietig. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 704.5

Die openbaring van God se heilige en barmhartige karakter openbaar die ware aard van sonde en ontbloot sy vernietigende eienskap ten volle:

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want **sodoende sal jy <u>op sy hoof vurige kole ophoop</u>**. *Romeine 12:19-20*

Hoe lees ons hierdie sin? Leer God ons hier om nie aan ons vyande kwaad te doen nie, want deur dit te doen, neem ons Sy kans om dit te doen, weg? As iets wat ons doen, boos is, en God doen presies dieselfde ding, word die bose ding skielik goed? Deur dit so te lees, weerspieël eerder ons eie menslike denke. God se weë is hoër as ons weë. Jesaja 55:8-9. Sal God se wraak en Sy toorn op 'n manier geopenbaar word wat verskil van die raad wat aan ons gegee is om in soortgelyke situasies te volg; om goed te doen aan diegene wat ons sleg behandel? As dit so is, vra God van ons dinge wat Hy self nie doen nie. Ons moet ons woede beheer, maar God mag Sy toorn vrylaat wanneer dit Hom behaag. Jesus sê egter vir ons dat God van ons vereis om die wat ons haat met liefde te behandel, omdat **ons op hierdie manier wys dat ons God se kinders is en in sulke situasies God se eie karakter weerspieël**:

> Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. (43) Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. (44) Maar Ek sê vir julle: **Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg**; (45) **<u>sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is</u>**; **want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges**. (46) Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? (47) En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? (48) **<u>Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is</u>**. *Matthéüs 5:42-48*

Die volmaaktheid van ons hemelse Vader gaan ver buite die gewoonte om net diegene lief te hê wat jou goed behandel. Lukas betuig hierdie volmaaktheid soos volg:

> Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes. (36) **Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is**. *Lukas 6:35-36*

In Sy vereiste om ons vyande goed te behandel, wil ons Vader in die hemel hê dat ons eenvoudig net Sy voorbeeld moet volg. Dus, kom ons plaas versigtig ons vleeslike sieninge van God opsy en laat ons weer kyk na wat die "kole van vuur" is wat oor die goddelose neerdaal:

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want **sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop**. *Romeine 12:19-20*

Die vurige kole wat ons ophoop op die hoof van die een wat vyandskap teen ons het en aan wie ons goedhartigheid en liefde bewys, is nie 'n fisiese vuur nie. Dit is 'n vuur wat ontvlam uit die bewustheid van die verskriklike aard van sonde in die konteks van God se liefde en goedhartigheid. Wanneer ons ons vyande liefhet, hoop ons die vuur van die Heilige Gees op hom om hom van sy verkeerde weë te oortuig. Jesus praat oor hierdie vuur op die volgende manier:

> Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was! *Lukas 12:49*

## 11. Die Slotbeskrywing in die Groot Stryd

Jesus het 'n lewe van volmaakte offer en onbaatsugtigheid geleef, wat ons 'n beeld gee van hoe die wet op ons harte geskryf moet word en ons sonder verskoning vir ons eie sondige selfsugtigheid laat. Deur die openbaring van die waarheid oor Sy Vader se liefdevolle karakter terwyl Hy op die aarde was, het Jesus regtig 'n vuur aangesteek - 'n geestelike vuur wat brand deur al die selfbedrog, geskep deur die mens, sodat hy 'n lewe van verdorwenheid kan

leef sonder om skuldig te voel. Hierdie vuur sal óf sonde verteer uit die harte van die mense wat hulle bekeer, óf hulle sal verteer word op die laaste dag wanneer hulle die genadige gesig van die Een sien wat altyd vir hulle redding gewerk het, maar wie hulle verwerp het. Kom ons kyk hoe dit in verdere paragrawe van *Die Groot Stryd* voorgestel word:

> Sodra die boeke geopen is en die oog van Jesus op die goddelose gevestig is, word hulle bewus van elke sonde wat hulle nog ooit gepleeg het. Hulle sien presies waar hulle voete afgedwaal het van die weg van reinheid en heiligheid, en presies hoe ver hoogmoed en opstand hulle gevoer het in die oortreding van die wet van God. Die verleidelike versoekings wat hulle aangemoedig het deur die sonde te doen, die seëninge wat hulle misbruik het, die boodskappe van God wat hulle verag het, die waarskuwings wat hulle verwerp het, die strome van genade wat hulle teruggehou het deur 'n halsstarrige, onboetvaardige hart – alles sien hulle nou soos met letters van vuur geskryf.
>
> Bokant die troon verskyn die kruis; en soos in 'n panoramiese gesig word die tonele geopenbaar van Adam se versoeking en val en die agtereenvolgende stappe in die groot verlossingsplan. Die Heiland se nederige geboorte; sy kinder- en jongelingsjare van eenvoud en gehoorsaamheid; Sy doop in die Jordaanrivier; Sy vas en versoeking in die woestyn; Sy openbare bediening waarin Hy aan die mense die hemel se kosbaarste seën geopenbaar het; die dae vol dade van liefde en genade, die nagte van gebed en die waghou in eensaamheid op die berge; die sameswerings van afguns, haat, en kwaadwilligheid waarmee Sy goedheid terugbetaal is; die ontsettende, misterieuse angs van Golgota onder die verskriklike las van die sondes van die ganse wêreld; Sy oorgawe in die hande van die moordlustige gepeupel; die vreeslike gebeurtenisse van daardie nag van verskrikking – die weerlose gevangene, verlaat deur Sy geliefde dissipels, bars deur die strate van Jerusalem voortgesleep; die Seun van God met voldoening gebring voor Annas, verhoor in die hoëpriester se paleis, in die geregsaal van Pilatus, voor die lafhartige en wrede Herodes, bespot, beledig, gemartel, en tot die dood veroordeel – al hierdie dinge word helder gesien.
>
> En nou, voor die slingerende skare word die eindtonele geopenbaar – die geduldige Lyer betree die pad na Golgota; die Vors van die hemel hangende aan die kruis; die trotse priesters en die spottende gepeupel wat spot met Sy doodsangs; die bonatuurlike duisternis; die bewende aarde,

> die geskeurde rotse, die geopende grafte wat die oomblik aanwys toe die wêreld se Verlosser Sy lewe opgegee het.
>
> Die vreeslike toneel word weergegee net soos dit was. Satan, sy engele, en sy onderdane, het geen mag om weg te draai van die prent van hulle eie werk nie. Elkeen herinner hom aan die rol wat hy gespeel het. Herodes, wat die onskuldige kindertjies van Betlehem laat doodmaak het sodat hy die Koning van Israel kon vernietig; die verlaagde Herodias, aan wie se skuldige siel die bloed van Johannes die Doper kleef; die swakke oppertunis, Pilatus; die spottende soldate; die priesters en die owerstes en die rasende gepeupel wat uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!" – almal sien hoe groot hulle skuld is. Tevergeefs trag hulle om hulle te verberg van die goddelike majesteit van Sy voorkomste wat die heerlikheid van die son oortref, terwyl die verlostes hulle krone aan die Heiland se voete neerwerp en uitroep, "Hy het vir my gesterf!" *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 601.4-603.1

Vir die verlostes is die openbaring van God se agape-karakter 'n geur van lewe, maar vir die res is hierdie tonele vuur wat hulle siele net so diep sal pynig as wat hulle toegelaat het dat sonde hulle binnedring, en net so nousaam soos hulle hierdie heerlikheid geken het, maar egter verkies het om hul rûe daarop te draai. Hierdie gedeelte van die boek *Die Groot Stryd* word in groot besonderhede beskryf, omdat hier **die bron van die lyding van die goddelose** getoon word. Toe God gepraat het oor die val van Lucifer, het Hy gewys waar hierdie geestelike vuur vandaan kom.

> Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek <u>'n vuur uit jou binneste</u> laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. *Eségiël 28:18*

In die begin is hierdie vuur in Lucifer se hart ontvlam deur sy ongeregtigheid, maar na die millennium sal die teenwoordigheid van die Een wat liefde en lig is, dit heeltemal openbaar:

> Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want **<u>liefde</u>** is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, **<u>'n vlam van die HERE</u>**. (7) **<u>Groot waters kan die liefde nie uitblus</u> en riviere dit nie oorstroom nie**; al gee 'n man ook al die goed van sy huis vir die liefde, hulle sou hom diep verag. *Hooglied 8:6-7*

Die vurige liefde wat vanuit ons Vader se teenwoordigheid kom, sal al die goddelose begeertes van Satan uitbring, en hierdie vuur sal hom tot as verbrand, sowel as al die ander wat hulleself deur sonde in hom ingeënt het. Hierdie punt word ook bevestig deur die simbool van die "sondebok":

> En Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en **hy moet dié op die kop van die bok lê** en hom deur ‘n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur. (22) **<u>So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na ‘n woeste land wegdra</u>**; en hy moet die bok in die woestyn los. *Levítikus 16:21-22*

Hierdie bok simboliseer Satan wat gedurende die duisend jaar op die verwoeste aarde uitgelaat sal word, as gevangene gehou word en sy vonnis verwag (Jesaja 24:22; Openbaring 20:1-3). Ons let daarop dat niemand hierdie bok moet doodmaak nie, maar eerder is hy oorgelaat om die gevolge van die sonde op homself te neem. Wanneer die Hoëpriester sy hand op die kop of gees van die bok plaas, wat Satan verteenwoordig, weerspieël dit die proses om al die sondes wat Satan gepleeg het, in herinnering te roep. Hierdie proses word in besonderhede in die artikel *The Scapegoat and our Father’s Merciful Character* verduidelik. Uiteindelik sal God se teenwoordigheid die verskriklike vuur uit die gevalle gérub uitbring, en die vlam sal hom en diegene wat hulle aan hom verbind het, tot as verteer. Ons onthou die bron van die vuur kom uit die midde van Satan en nie uit die midde van God nie. Die beskrywing wat volg, is nie oorbodig gedetailleerd nie, want dit wys presies hoe hierdie geestelike vuur werk:

> Die ganse bose wêreld staan nou voor die regbank van God op die aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. Hulle het niemand om hulle saak te bepleit nie; hulle staan sonder verskoning; en **die vonnis van die ewige dood word op hulle uitgespreek**.
>
> Dit is nou duidelik vir almal dat die loon van die sonde nie ‘n heerliker onafhanklikheid en ewige lewe is nie, maar slawerny, ondergang en die dood. Die goddelose besef nou wat hulle verbeur het deur hulle lewe van rebellie. Die allesoortreffende en ewige heerlikheid is verag toe dit vir hulle aangebied is; maar hoe begeer hulle dit nie nou nie. “Dit alles,” roep die verlore siel uit, “kon ek gehad het; maar ek het al hierdie dinge verwerp. O, onverstaanbare dwaasheid! Ek het vrede, geluk, en eer verruil

vir ellende, oneer, en wanhoop." Almal sien dat hulle uitsluiting uit die hemel regverdig is. Deur hulle lewens het hulle verklaar, "Ons wil nie hê dat hierdie man oor ons koning moet wees nie."

Soos in 'n droom het die goddelose die kroning van die Seun van God aanskou. In Sy hande sien hulle die tafels van die goddelike wet, die bepalings wat hulle verag en oortree het. Hulle aanskou die verbasing, die verrukking, en die aanbidding van die verlostes; en terwyl 'n golf van melodie oor die skare buitekant die stad sweef, roep almal soos met een stem uit, "Groot en wonderlik is U werke, Here God, die Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!" En op hulle aangesigte neervallende, aanbid hulle die Vors van die lewe. (Open. 15:3)

Dit skyn of Satan verlam is waar hy die heerlikheid en die majesteit van Christus aanskou. Hy wat eenmaal 'n gérub was met uitgespreide vlerke, dink nou [hande op die hoof van die lewendige bok gelê] aan die plek vanwaar hy geval het. 'n Blinkende séraf, "seun van die môre"; hoe is hy verander en hoe is hy verlaag! Van die raadsitting waaraan hy eenmaal die eer gehad het om deel te neem, is hy nou vir ewig uitgesluit. Hy sien nou 'n ander een naby die Vader staan, wat sy heerlikheid bedek. Hy het gesien hoedat die kroon op die hoof van Christus geplaas is deur 'n magtige engel van groot gestalte en majestueuse voorkomste, en hy weet dat die verhewe posisie van daardie engel syne kon gewees het.

Hy dink terug aan sy tuiste van onskuld en reinheid, die vrede en tevredenheid wat syne was totdat hy begin murmureer het teen God en afgunstig geword het op Christus. Sy beskuldigings, sy rebellie, sy bedrog om die medelyde en ondersteuning van die engele te verkry, sy hardnekkige volharding in sy nalatigheid om geen poging te maak om homself reg te ruk toe daar nog kans was op die vergifnis van God – **alles kom nou helder voor sy gees**. Hy dink terug aan sy werk onder die mense en die gevolge daarvan – die vyandigheid van die mens teen sy medemens, die ontsettende verwoesting van lewe, die opkoms en ondergang van koninkryke, die omverwerping van trone, die lang reeks opstande, oorloë, en omwentelings. Hy dink terug aan sy gedurige pogings om die werk van Christus teen te staan en die mens laer en laer te laat sak. **Hy sien dat sy helse komplotte magteloos was om diegene te vernietig wat hulle vertroue in Jesus gestel het. Waar Satan sy koninkryk aanskou, die vrugte van sy werk, sien hy alleen mislukking en puin. Hy het die skares daartoe gebring om te glo dat dit maklik**

**sou wees om die stad van God in te neem; maar hy weet dat dit bedrog is. Keer op keer, namate die stryd ontwikkel het, was hy verslaan en gedwing om in te gee. Hy ken die krag en majesteit van die ewige God maar te goed**.

Die hoofdoel van die groot rebel was maar altyd om homself te regverdig, en om te bewys dat die goddelike regering aanspreeklik was vir sy opstand. Met hierdie doel voor oë het hy al sy krag en sy reuseverstand ingespan. Stelselmatig en met voorbedagte rade het hy te werk gegaan, en met verbasende sukses, om die ontelbare skare te lei om sy verklaring aan te neem van die groot stryd wat solank reeds woed. Vir duisende jare het hierdie hoof van samesweerders **valsheid vir waarheid afgesmeer**; maar die tyd het nou aangebreek vir die finale onderdrukking van die opstand, en vir die openbaarmaking van die geskiedenis en karakter van Satan. In hierdie laaste groot poging om Christus te onttroon, Sy volk te vernietig, en die stad van God in te neem, word **die aartsbedrieër ten volle ontmasker**. Diegene wat met hom saamgestaan het, sien nou die totale mislukking van sy saak. Christus se navolgers en die lojale engele sien nou al sy gekonkel teen die regering van God. **Hy is nou die voorwerp van algemene afsku**.

Satan sien nou dat sy rebellie hom ongeskik gemaak het vir die hemel. Hy het sy kragte beoefen in oorlog teen God; **<u>die reinheid, vrede, en eensgesindheid van die hemel sou vir hom die grootste marteling wees</u>**. Sy beskuldigings teen die genade en regverdigheid van God is nou stilgemaak. Die smaad wat hy op Jehova wou werp val nou op hom. En nou buig Satan hom neer en hy erken die regverdigheid van sy vonnis.

“Wie sal U nie vrees nie, Here, en U naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het.” Openb. 15:4. Elke punt van waarheid en dwaalleer in die langdurige stryd is nou verduidelik. **Die gevolge van rebellie, en die vrugte op die tersydestelling van die goddelike gebooie is nou geopenbaar aan al die geskape wesens**. Die uitwerking van Satan se regering, **<u>in teenstelling</u>** met die regering van God, is aan die ganse heelal voorgestel. Satan se eie werke het hom veroordeel. Gods wyheid, Sy regverdigheid, en Sy goedheid staan as volkome bewys. **Daar is gesien dat al Sy handelwyse in die groot stryd geskied het met die oog op die ewige welsyn van Sy volk en vir die beswil van al die wêrelde wat Hy geskape het**, “Al U werke loof U o

> Here, en U gunsgenote prys U." Ps. 145:10. Deur die ewigheid heen sal die geskiedenis van die sonde getuig dat saam met die wet van God ook die geluk van al Sy geskape wesens opgeslote is. **<u>Met al die feite van die groot stryd nou geopenbaar, verklaar die ganse heelal, beide die lojale en die opstandiges, soos met een stem</u>**, "Regverdig en waaragtig is U weë o Koning van die heiliges!"
>
> Die groot opoffering wat gemaak is deur die Vader en die Seun ten behoewe van die mens, is duidelik voor die heelal gestel. Die uur het gekom vir Christus om Sy regmatige plek in te neem, en Hy word verheerlik bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word. Dit was vir die vreugde wat Hom voorgehou is, sodat Hy baie seuns tot heerlikheid kon bring, dat Hy die kruis verdra, en die skande verag het. En ontsettend groot soos die lyding en skande was, nog groter is die vreugde en heerlikheid. Hy aanskou die verlostes, wat herskep is in Sy ewebeeld, met die volmaakte beeld van die goddelike op elke hart afgedruk, terwyl elke aangesig die ewebeeld van sy Koning weerkaats. Hy sien in hulle die moeitevolle arbeid van Sy siel en Hy is versadig. En dan, met 'n stem wat deurdring tot die vergaderde menigtes van regverdiges en goddelose, verklaar Hy, "Kyk wat het Ek met My bloed gekoop! Vir hulle het Ek gely, en vir hulle het Ek gesterf, sodat hulle deur die ewigheid heen in My teenwoordigheid kan woon." En dan weergalm die loflied van die skare in wit gekleed rondom die troon, "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." Openb. 5:12. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 603.3-606.2

In die lig van hierdie alle-geopenbaarde liefde het die goddelose hulleself teen Satan gestel omdat hulle sien dat hy nie hul weldoener was nie, maar eerder hulle almal gelei het om in sy vernietiging te deel. Dit is presies hier waar die geestelike vuur as 'n fisiese vuur geopenbaar word. Laat ons noukeurig daarop let wat gebeur:

> Nieteenstaande die feit dat Satan gedwing is om die geregtigheid van God te erken en hom neer te buig voor die oppergesag van Christus, bly sy karakter onveranderd. Die opstandige gees, bars nou uit, soos 'n magtige stroom. Vervul met woede, besluit hy om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Die tyd het aangebreek vir 'n laaste wanhopige poging teen die koning van die hemel. Hy haas hom na sy onderdane, en hy probeer om hulle aan te vuur met sy eie woede en om hulle op te wek om dadelik die

stryd te begin. **Maar onder die ontelbare miljoene wat hy tot rebellie verlei het, is daar nou nie een wat sy oppergesag erken nie. Sy mag is op 'n einde**. Die goddelose is met dieselfde haat teen God vervul wat Satan besiel; maar hulle sien dat hulle saak hopeloos is, en dat hulle nie teen Jehova kan staan nie. **Hulle woede is nou <u>opgewek</u>** [hier is die bron van die vuur – dit kom vanuit die middel van die siel self] **teen Satan en sy werktuie in die bedrog, en met die woede van demone val hulle hulle aan**. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 606.3 - 607.1

Daarom, so sê die Here HERE: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god. (7) daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, **<u>en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig</u>**. (8) **<u>In die kuil sal hulle jou laat neerdaal…</u>** (16) …Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! (17) …Ek het jou op die grond gewerp. Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. (18) …Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. (19) …jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie. *Eségiël 28:6-8; 16-19*

"Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, <u>is tot verbranding, 'n prooi van die vuur</u>." "Want die toorn van die HERE is oor al die nasies, en grimmigheid oor al hulle leërskare; Hy het hulle met die banvloek getref, Hy het hulle oorgegee om geslag te word." Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees. Jes. 9:4; 34:2; Ps. 11:6. Vuur daal neer van God uit die hemel. Die aarde word verbreek. <u>Die wapens wat in sy dieptes weggesteek is, word geopenbaar. Verterende vlamme skiet by elke skeur uit. Selfs die rotse is aan die brand</u>. [Die aarde self spuug sy inwoners uit] Die dag wat brand soos 'n oond het gekom. Die elemente versmelt weens die verskriklike hitte, en die aarde en die werke wat daarop is, verbrand. Mal. 4:1; <u>2 Pet. 3:10</u>. Die oppervlakte van die aarde is een gesmelte massa – 'n groot, kokende poel van vuur. Dit is die dag van oordeel en verderf vir die goddelose, "'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion." Jes. 34:8.

Die goddelose ontvang hulle vergelding op die aarde. Hulle sal "'n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare." Mal. 4:1. Sommige word soos in 'n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly… <u>Die volle straf van die wet word</u>

uitgevoer; daar word voldoen aan die vereistes van geregtigheid; en die hemel en die aarde, waar hulle dit aanskou, getuig van die geregtigheid van Jehova. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 607.3 – 608.1

## 12. Vernietiging Sonder Arbeid of Eksterne Krag

Ons let daarop dat die volle straf van die wet besoek is, wat baie ooreenstem met Jesus se uitdrukking dat Hy nie die Een sal wees om uiteindelik te oordeel nie, maar wel die Woord wat Hy gespreek het (Johannes 12:47-48). God gebruik nie dodelike krag in Sy oordeel nie. Hierdie waarheid word ook bevestig deur een van die boeke van die Apokriewe, wat pioniers van Adventisme as waardig en belangrik beskou vir die eindtyd:

> En dit my Seun moet die bose uitvindings van daardie nasies teregwys, wat vir hul goddelose lewe in die storm beland het; (38) en sal voor hulle hul bose gedagtes lê, en die pyniging waarmee hulle sal begin pynig word, wat is soos 'n vlam: en hy sal hulle vernietig sonder arbeid deur die wet wat is soos ek is. Vry vertaal vanuit *2 Esdras 13:37-38*

Hier word die idee bevestig dat die goddelose gestraf sal word deur die weerspieëlende funksie van die wet. Hierdie Apokriewe is bestudeer en aangehaal deur James White, Joseph Bates en E.J. Waggoner. *Word to the Little Flock*, 'n vroeë boek deur Ellen White, bevat sewe verwysings na 2de Esdras. Hier is een:

> Ons het almal saam die wolk binnegegaan en sewe dae opgevaar na die see van glas, toe Jesus die krone saambring en dit met Sy eie regterhand op ons hoofde geplaas het. [2 Esdras 2:43.] Vry vertaal vanuit *A Word to the Little Flock*, p. 14.3

Kom ons kyk na hierdie vers in die konteks van hoofstuk twee van 2 Esdras om te sien wat daar gesê word:

> En te midde van hulle was daar 'n jong man met 'n hoë gestalte, langer as al die ander, en op elkeen van hulle hoofde het hy krone geplaas en is meer verhewe; waaroor ek my baie verwonder het. (44) Toe vra ek die engel en sê: Meneer, wat is hierdie? (45) Hy antwoord en sê vir my: Dit is hulle wat die sterflike kleed uittrek en die onsterflike aangetrek het en die Naam van God bely het; nou word hulle gekroon en ontvang palms. (46) Toe sê ek vir die engel: Watse jongeling is dit wat hulle kroon en palms in

> hulle hande gee? (47) En hy antwoord en sê vir my: Dit is die Seun van God, wie hulle in die wêreld bely het. Toe begin ek om hulle grootliks aan te prys wat so onbuigsaam vir die Naam van die Here gestaan het. Vry vertaal vanuit *2 Esdras 2:43-47*

Soos in die visioen wat God aan Ellen White gegee het, is die persoon wat die krone op die hoofde van die gereddes plaas, die Seun van God. Oor die belangrikheid van die Apokriewe vir die gelowiges wat in die laaste dae leef, het sy gesê:

> Almal, almal wat die gebooie van God bewaar, sal deur die poorte in die stad ingaan en sal toegang hê tot die boom van die lewe en sal altyd in die teenwoordigheid van daardie lieflike Jesus wees wie se aangesig helderder as die son skyn op die middaguur. Toe sien ek die woord van God suiwer en onvervals, en dat ons moet verantwoording doen vir *die manier waarop ons die waarheid ontvang het wat uit daardie woord verkondig is*. Ek het gesien dat dit 'n hamer was om die klipharde hart in stukke te breek, en **'n vuur om die onsuiwerhede en blik** te verteer, sodat die hart rein en heilig kon wees. Ek het gesien dat die **Apokriewe die verborge boek was, en dat die wyse van hierdie laaste dae dit moet verstaan.** Ek het gesien dat die Bybel die boek van standaarde is wat ons in die laaste dag sal oordeel. Ek het gesien dat die hemel goedkoop genoeg sou wees, en dat niks te kosbaar was om vir Jesus op te offer nie, en dat ons alles moet gee om die koninkryk in te gaan. Vry vertaal vanuit *Manuscript 4*, 1850.

## 13. Die Verheerlikte Karakter van God

Die Gees van Profesie bevestig die idee dat die manier waarop ons die Skrif lees, bepaal die manier waarop ons geoordeel gaan word, want die Woord van God is soos ‘n hamer om die klipharde hart in stukke te breek en ‘n vuur om die onsuiwerhede en metaal te verteer. Die Wet van God is vurig, want dit is ‘n afskrif van Sy karakter:

> Mense weet nie wat hule doen as hulle God se wet afskaf nie. **Die wet van God is ‘n skriftelike weergawe van Sy karakter**. Dit beliggaaam die beginsels van Sy koninkryk. Hy wat weier om hierdie beginsels te aanvaar, bring hom buite die kanaal waar God se seëninge vloei. *Gelykenisse van Christus*, bl.218; *Christ’s Object Lessons*, p. 305.3

> Want onse God is ‘n verterende vuur. *Hebreërs 12:29*

Soos ons gesien het, kom hierdie vuur *van die ware wese van God*, wat 'n suiwer en verhewe liefde is:

> Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. *1 Johannes 4:8*

Let daarop dat dit nie sê dat God liefdevol is nie of dat God liefde het nie, maar dit sê: Hy is liefde. Daarom, toe die naam van God getoon was, wat Sy karakter is, staan genade altyd bo-aan die lys.

> So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; (24) maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat **goedertierenheid**, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ‘n behae, spreek die HERE. *Jeremia 9:23-24*

> En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. (6) En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, **barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou**; (7) **wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe**, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. *Exodus 34:5-7*

Aangesien liefde die ware kern van God is, beteken dit dat al Sy ander eienskappe slegs die openbaring van die liefde of kanale vir daardie liefde is:

> God het Sy liefde in Sy geregtigheid geopenbaar net soseer as in Sy genade. *Die Koning van die Eeue*¸1940, bl. 703.1

Dit beteken dat alles wat God doen, deur liefde beweeg word. Die geregtigheid van ons Vader is nie wreed en ontneem van barmhartigheid nie. Satan is die een wat God wil voorstel asof barmhartigheid en geregtigheid met Hom onversoenbaar is:

> Die veroordelende mag van Satan sal daartoe lei dat hy **'n lering van geregtigheid teenstrydig met genade** sal instel. Hy beweer dat hy die stem en krag van God het, dat sy besluite geregtigheid is, suiwer en sonder skuld is. Dus neem hy sy posisie op die regterstoel in en verklaar

> dat sy raadgewing onfeilbaar is. **Hier kom sy genadelose geregtigheid in, 'n namaaksel van geregtigheid, afskuwelik voor God**. Vry vertaal vanuit *Christ's Triumphant*, p. 11.4

> In die begin van die groot stryd het die Satan verklaar dat die wet van God nie gehoorsaam kon word nie; **dat geregtigheid onversoenlik is met genade**, en dat, as die wet oortree word, **dit onmoontlik sou wees vir die sondaar om vergifnis te verkry. Elke sonde moet gestraf word**, **het die Satan betoog**; **en as God die oortreder sy straf sou kwytskeld, dan is Hy nie 'n God van waarheid en geregtigheid nie**… God kan nie regverdig wees, het hy gesê, en terselfdertyd aan die sondaar genade betoon nie. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 701.5–702.1

In teenstelling daarmee, tree God altyd in liefde op tot sy kinders. Hierdie liefde word in die Skrif verteenwoordig as 'n vuur:

> Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die HERE. *Hooglied 8:6,7*

Hoe is dit moontlik vir liefde om wreed te wees? Die liefde van ons hemelse Vader onthul genadiglik die ware aard van sonde - die vernietigende kwaliteit daarvan. Dit is die vlam wat die goddelose sal pynig:

> Sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met **vuur en swawel** voor die heilige engele en voor die Lam. *Openbaring 14:10*

Die Griekse woord wat hier vir swawel gebruik word, het die volgende definisies:

> Θειον: (teion, verwant aan teios - hantering van goddelikheid) Strong se definisie: 1. Swawel a. **goddelike wierook** .....

Aan die pioniers van Adventisme was dit aan die lig gebring dat hierdie vuur die goddeloses nie vir die hele ewigheid kon verbrand nie, want dit sou in stryd wees met God se regverdige karakter. Ons word vandag uitgenooi om die volgende tree te neem in die nou pad van hierdie waarheid aangaande die karakter van God, om te sien dat ons hemelse Vader nie die bron van hierdie lyding is nie, maar dat Sy liefdevolle teenwoordigheid sonde openbaar in sy

vernietigende aard, en hierdie proses bewerkstellig die oordeel. Ons het gesien dat die wet, 'n afskrif van Sy karakter, ook 'n vurige wet van liefde is:

> En hy het gesê: Die HERE het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seïr af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom van heilige tienduisende af; aan sy regterhand was **<u>vlammende vuur [‘n vurige wet</u>** <u>– sien King James Version</u>**<u>]</u> vir hulle**. (3) **Ja, <u>Hy</u> het die stamme <u>lief</u>**. Al sy heiliges – hulle is in u hand; en hulle was gelaer by u voet; elkeen ontvang iets van u uitsprake. *Deuteronómium 33:2-3*

Daarom het ons in die ontleding van die laaste hoofstuk van *Die Groot Stryd* gelees:

> Die volle straf van die wet word uitgevoer… *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 608.1

Die vurige wet van God is 'n uitdrukking van Sy liefde; dit het die mag om die ware karakter van die sonde te openbaar, en hierdie proses stel die vernietigingskrag van die sonde ten toon. Aan die ander kant weerspieël die wet, wanneer dit optree as ‘n spieël, mense se sondige gedagtes wat God sien as Een wat nie kan vergewe nie:

> Ons lees van kettings van duisternis vir die oortreder van God se wet. Ons lees van die wurm wat nie sterf nie, en van **die vuur wat nie geblus word nie**. **<u>So word die ervaring voorgestel</u>** van elkeen wat toegelaat het dat hy in die boomstam van Satan ingeënt word, wie sondige eienskappe gekoester het. Wanneer dit te laat is, **<u>sal hy sien</u>** dat sonde die oortreding van God se wet is. **<u>Hy sal besef</u> <u>dat sy siel</u>** weens oortreding **<u>van God afgesny is</u>** en dat die toorn van God op hom bly. **<u>Dit is 'n vuur wat onblusbaar is</u>**, en daardeur sal elke onberouvolle sondaar vernietig word. Satan streef voortdurend daarna om mense in sonde in te lei, en hy wat bereid is om gelei te word, wie weier om sy sondes te versaak en vergewing en genade verag, sal die gevolg van sy keuses ly. Vry vertaal vanuit *Signs of the Times*, April 14, 1898, par. 13

## 14. Vuur van God?

Die wurm wat nie sterf nie, die kettings van die duisternis en die vuur wat nie geblus word nie, is simbole wat die ervaring verteenwoordig van almal wat hulself toegelaat het om in die stam van Satan ingeënt te word. Hierdie

toestand van die sondaar plaas hom buite die geleentheid om opregte berou vir sy sondes te beoefen en dus buite bereik van die geleentheid om voordeel te trek uit die vergifnis van ons Vader. Dit is hoe die uitwerking van sonde ons harte verhard. Natuurlik sal daar ook 'n fisiese vuur wees, wat die aarde moet reinig om dit voor te berei vir sy hernieude toestand. Ons kan aan die parallel van gesonde bosbrande dink wat die woud nuwe lewe gee. Aangesien God dan nie sterflike krag gebruik nie, waar kom hierdie fisiese vuur dan vandaan? In 'n aantal vertalings word die frase "van God" tussen hakies geplaas, en in sommige is dit selfs afwesig:

> And they went up on the breadth of the earth, and surrounded the camp of the sints and the beloved city: and fire came down [from God] out of the heaven and devoured them. *Revelation 20:9 DARBY*

> And they went up over the breadth of the earth, and compassed the camp of the saints about, and the beloved city: and fire came down out of heaven, and devoured them. *Revelation 20:9 ASV*

> They came up across the breadth of the earth and surrounded the encampment of the saints, the beloved city. Then fire came down from heaven and consumed them. *Revelation 20:9 CSB*

> They came up across the whole earth and surrounded the saints' camp, the city that God loves. But fire came down from heaven and consumed them. *Revelation 20:9 CEB*

> And they marched up over the broad plain of the earth and surrounded the camp of the saints and the beloved city, but fire came down from heaven and consumed them. *Revelation 20:9 ESV*

> Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel afgekom en hulle verteer. Open 20:9, 1983 Afrikaanse Vertaling

Dit is slegs enkele vertalings in Engels wat die vers op hierdie manier weergee. Het die vertalers, toe hulle die teks met die uitdrukking "van God" vertaal het, die sondige denke van die mens aangaande God, ook vertaal? Die mens in sy gevalle natuur sal altyd die krag van God bo Sy karakter aanbid, omdat die mens self die krag van God meer begeer as Sy karakter, veral omdat daardie karakter selfopofferend is. Dus sal hy verse vertaal op 'n manier wat die krag beklemtoon wat hy wil hê God moet hê, eerder as die

karakter waaraan hy minder waarde heg. Dit maak van ons hoorders van die wet, volgens die Ou Verbond, eerder as daders (Jakobus 1:23), waardeur God, in ons denke, volgens ons eie planne werk, eerder as om Hom te ken en daarom Hom te vertrou. Die weerspieëling van daardie Ou Verbondsdenke deur die Wet van God laat die heerlikheid van God se karakter inderdaad voorkom as 'n verterende vuur:

> En die verskyning van die HERE se heerlikheid **was in die oë van die kinders van Israel** **soos 'n verterende vuur** op die top van die berg. *Exodus 24:17*

Satan wou nog altyd hê dat mense moet glo dat, omdat vuur uit die hemel neerdaal, dit beteken dat God dit DIREK veroorsaak het. Tog, in hierdie gevalle was dit Satan wat hierdie vuur uit die hemel laat neerdaal het:

> Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: Die vuur van God het van die hemel geval en gebrand onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. *Job 1:16*

> En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. (13) Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. *Openbaring 13:12-13*

Jesus het egter hierdie denke bestraf toe dit selfs by sy dissipels voorgekom het:

> En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, **soos Elía ook gedoen het**? Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: **Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie**; *Lukas 9:54-55*

Hier verwys Jesus daarop dat nie net Sy dissipels nie, maar Elía self probleme ondervind het om God se karakter te verstaan, en gedink dat God hulle wedersydse vyande met vuur sal moet vernietig. Soortgelyke versoekings val ook die een aan wat in die krag en die gees van Elía gekom het:

> **Net soos die dissipels van die Heiland, het ook Johannes nie die aard van Christus se koninkryk verstaan nie**. Hy het verwag dat Jesus die troon van Dawid sou bestyg, en namate die tyd verbygegaan en die

Heiland geen aanspraak op die koningskap gemaak het nie, het dit Johannes baie verbyster en ontstel. Hy het aan die mense verkondig dat die profesie van Jesaja vervul moes word ten einde die weg van die Here te berei; die berge en heuwels moet klein gemaak word; die bulte moet ‘n gelykte en die rotsagtige plekke ‘n laagte word. Hy het gemeen dat die hoogtes van menslike hoogmoed gelyk gemaak moet word. **Hy het na die Messias verwys as die Een met die wan in die hand wat Sy dorsvloer sal reinig, die koring in Sy skuur sal bring, en die kaf met onuitbluslike vuur sal verbrand. Net soos die profeet Elia, in wie se gees en krag hy gekom het, het hy verwag dat die Here Homself sou openbaar as die God wat met vuur antwoord**. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 182.2

Tog was God en Sy Seun geduldig met hul profete en het hulle omtrent die aard van Hul heilige karakter en die beginsels van Hul koninkryk geleer:

En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. En kyk, die HERE het verbygegaan, terwyl ‘n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die HERE uit; in die wind was die HERE nie. En ná die wind ‘n aarbewing; in die aardbewing was die HERE nie. (12) En ná die aardbewing **‘n vuur; in die vuur was die HERE nie. En ná die vuur die gesuis van ‘n sagte koelte**. *1 Konings 19:11-12*

Die Here was nie in die fisiese vuur nie, want Sy krag is altyd onderdanig aan Sy liefdevolle karakter, en daarom is Sy koninkryk nie 'n koninkryk van krag en afdwingbare mag nie:

Die Heiland het Sy dissipels rondom Hom vergader en aan hulle gesê, “As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.” Hierdie woorde is met ‘n krag en erns gespreek wat die dissipels glad nie begryp het nie. Wat Christus gesien het, kon hulle nie sien nie. **Hulle het nie die aard van Christus se koninkryk verstaan nie**, en dit was hierdie onkunde wat die stryd onder hulle laat ontstaan het. Maar die ware oorsaak het nog dieper geskuil. **Deur die aard van Sy koninkryk te verduidelik, kon Christus miskien die twis vir ‘n tyd gestil het, maar dan sou Hy nie die grondoorsaak geopenbaar het nie**. Selfs nadat hulle die volledigste kennis gehad het, sou enige oorweging van voorrang die moeilikheid laat herleef het. Dit sou ‘n ramp oor die kerk gebring het ná die vertrek van Christus. **Die wedywering om die**

> **hoogste plek is deur dieselfde gees besiel wat die groot stryd in die wêrelde daarbo ontketen het en wat Christus genoop het om hier te kom sterf. Voor Sy geesstesoog het Lucifer opgedoem, die "seun van die dageraad," wie se heerlikheid dié van al die engele om die troon oortref het en wat met die nouste bande met die Seun van God verbind was. Lucifer het gesê: "Ek wil… my gelykstel met die Allerhoogste (Jesaja 14:12,14); en die drang na selfverheffing het tot stryd in die hemelse leërskare gelei. As Lucifer werklik begeer het om soos die Allerhoogste te wees, sou hy nooit sy aangewese plek in die hemel versaak het nie; want die gees van die Allerhoogste word in *onselfsugtige diens* geopenbaar. Lucifer wou die mag van God hê, maar nie Sy *karakter* nie**. Hy wou die hoogste plek hê, en elke wese wat deur sy gees besiel word, sal dieselfde doen. Vervreemding, tweedrag en stryd is die onvermydelike gevolg. Die heerskappy word die prys van die sterkste. **Die koninkryk van die Satan is 'n koninkryk van geweld**; elke individu beskou elke ander as 'n struikelblok in die pad van sy eie vooruitgang, of iemand op wie se rug hy kan trap om hoër te klim. *Die Koning van die Eeue*, 1940, bl. 396.3

Waarom het Elía dan vuur uit die hemel laat neerdaal om die wat deur die koning gestuur is om hom te vang, te vernietig? En waar kom hierdie vuur vandaan as dit nie van God kom nie?

> Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: **As** ek dan 'n man van God is, mag daar vuur **van die hemel neerdaal** en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. *2 Konings 1:10*

Dit is die geval waarna die dissipels verwys het. Hier het Elía nog nie sy foutiewe sienings oor die koninkryk van God afgeskud nie, en hy het geswig onder die versoeking om sy identiteit as die profeet van God te verdedig met tekens uit die hemel en met geweld. Met soortgelyke versoekings het Satan ook na Jesus gekom:

> En die versoeker het na Hom gekom en gesê: **As** U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. *Matthéüs 4:3*

> en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! **As** U die Seun van God is, kom af van die kruis! *Matthéüs 27:40*

Lees die boekie *The Ministration of Death* vir meer gedetailleerde studie van die verhaal van Elía. Met dit alles in gedagte, wat sal dan die oorsaak wees van die fisiese vuur wat na die duisend jaar uit die hemel neerval en uit die aarde bars? Toe ons na die faktor van God se Woord en die omgewing gekyk het, het ons gesien dat die wette wat deur God in die natuur geïmplementeer is, ontwerp is om die karakter van die mens te weerspieël in sy toestand van saligheid en gehoorsaamheid aan God. Maar toe die gees van rebellie, die gees van Satan, in die plek van Christus se Gees ingestel is, het die aarde begin om dit te openbaar. Die sondvloed was 'n hoogtepunt vir daardie tyd, toe 'n hele geslag Christus op sigself gekruisig het, deur Sy krag vir hul onedele en selfsugtige planne te gebruik. Toe hulle Sy Gees, wat alles bevat, heeltemal verwerp het ("in Hom hou alle dinge stand", Kol. 1:17; en "in Hom lewe ons en is ons", Hand. 17:28), was die aarde toegelaat om ten volle die gees van sy meester – die gevalle mens, te openbaar. Ons word meegedeel dat dieselfde beginsel op die ou end in werking sal wees, waar die vlammende wellus van mense die aarde vul en as 'n fisiese vuur uitbreek:

> en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en **in hulle wellus** teenoor mekaar **<u>ontbrand</u>**: manne het met manne skandelikheid en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. *Romeine 1:27*

> Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom **<u>wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel</u>**. (4) en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. (5) **Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die water van God**, (6) **waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het**. (7) **Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense**. *2 Petrus 3:3-7*

Ons kan wonder oor die antediluviërs (mense wat voor die sondvloed geleef het) en waarom hulle nie hierdie beginsel geglo het nie. Tog is die situasie vandag nie anders nie. Wanneer al die goddeloses uit die hele geskiedenis van die mensdom die aarde se oppervlak bedek en saam met Satan hul rebellie ten volle openbaar, sal die aarde en die hemel weer toegelaat word om die brandende aard van hulle boosheid te weerspieël. Daarom lees ons in

hierdie gedeelte uit die laaste hoofstuk in *Die Groot Stryd* die volgende rakende die aarde en die hele skepping:

> Satan se werk van verwoesting is vir ewig beëindig. Sesduisend jaar lank het hy sy wil uitgevoer, die aarde met ellende vervul, en droefheid oor die ganse heelal veroorsaak. Die hele skepping het gesug en tesame in barensnood verkeer. Nou word Gods skepsels vir altyd verlos van sy teenwoordigheid en versoekings. "Die hele aarde rus, is stil; hulle [die regverdiges] breek uit in jubel." Jes. 14:7. 'n Kreet van oorwinning en dank styg op van die ganse lojale heelal. "Die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae," word gehoor, wat sê, "Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar." Openb. 19:6. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 608.2

Uiteindelik sal die aarde en die hemel, nadat hulle die opgestoorde boosheid in die vorm van vuur uitgespoeg het, in vrede rus. Weereens sal die natuur in staat gestel word om die skoonheid van die bewoner se prag van heiligheid te weerspieël - die kinders van God in wie se siele en harte Christus se Gees van gehoorsaamheid en liefdevolle dankbaarheid teenoor Sy Vader, verbly. Met die aanvaarding van Christus se karakter kon hulle vir ewig lewe in die teenwoordigheid van die vurige liefde van ons wonderlike God en Sy Seun.

> En wat die dode betref, dat hulle opstaan – het julle nie gelees in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, hoe God vir hom gesê het: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob nie? (27) **God is nie 'n God van dooies nie, maar 'n God van lewendes**. Julle dwaal dus grootliks. *Markus 12:26-27*

Jesus verbind die Brandende Bos met God as 'n God van die lewendes. Dit is die simboliek van die doringbos wat met vuur verbrand en tog nie verteer word nie:

> Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom **in 'n vuurvlam uit 'n doringbos**. En toe hy weer sien, **brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie**! (3) En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, **waarom die doringbos nie verbrand nie**. (4) Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, **roep God na hom uit die doringbos** en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek. (5) En Hy sê: Moenie nader kom nie. **Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond**. (6) Verder sê

> Hy: **Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God aan te sien**. *Exodus 3:2-6*

Beide sondaars en regverdiges sal in die teenwoordigheid van daardie vurige liefde wees, maar dit is ons keuse hoe ons daarop gaan reageer. Die regverdige kan "woon by die verterende vuur" [Jesaja 33:14]; maar die gedagtes, woorde en handelinge van 'n sondige lewe, wat eindelik ontbloot word by 'n ontmoeting met 'n verheerlikte God, sal op homself gerig word deur die man wat God onbarmhartig beoordeel - en die sondaar se "geblaas is 'n vuur wat julle sal verteer" [Jesaja 33:11].

> Nou sal Ek opstaan, sê die HERE; nou sal Ek My verhef, nou sal Ek My oprig. (11) **Julle gaan swanger van strooi, julle sal stoppels baar; julle geblaas is 'n vuur wat julle sal verteer**. (12) Dan word die volke 'n kalkbrandery, afgekapte doringbosse wat met vuur verbrand word. (13) Hoor, julle wat ver is, wat Ek gedoen het; en julle wat naby is, erken my mag! (14) Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: **Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed**? (15) Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie – (16) hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis. (17) Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien. *Jesaja 33:10-17*

> Terwyl die aarde omhul is met die vlamme van verwoesting, is die regverdiges veilig in die heilige stad. Oor diegene wat in die eerste opstanding opgestaan het, het die tweede dood geen mag nie. Terwyl God vir die goddelose soos 'n verterende vuur is, is Hy vir Sy volk beide 'n son en 'n skild. (Openb. 20:6; Ps. 84:11) *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 608.3

Soos die drie jong Hebreeuse mans, wat ongeskonde in die vuur van Babilon gestaan het, word die heilige inwoners van die hemelse stad nie geraak deur die gees van woede wat vanuit die goddeloses bars nie. Hulle is gevul met die Gees van die Prins van vrede en daarom is die natuur in harmonie met hulle. God is vir hulle 'n skild in die opsig dat hulle met Sy Gees vervul is, omdat Hy hom in volle vrede sal bewaar, want hulle vertrou op Hom. (Jes. 26:3).

## 15. Grade van Straf

Wat van die idee dat die hoeveelheid wat die goddelose ly, in verhouding is tot hul sondigheid? Jesus het die volgende gespreek:

> En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word. (48) maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorvloediger eis. *Lukas 12:47-48*

As 'n uitbreiding hiervan, sê die Gees van Profesie:

> Die goddelose ontvang hulle vergelding op die aarde. Hulle sal "'n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare." Mal. 4:1. **Sommige word soos in 'n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly. Almal word gestraf volgens hulle dade**. Waar die sondes van die regverdiges op Satan oorgeplaas is, **ondergaan hy nie alleen straf vir sy eie opstand nie, maar ook vir al die sondes wat hy Gods volk gelei het om te pleeg. Sy straf sal baie groter wees as wat diegene ontvang wat hy verlei het**. Nadat almal vernietig is wat ten gronde gegaan het weens sy bedrog, sal sy straf nog steeds voortduur. In die reinigende vlamme word die goddelose eindelik verdelg, wortel en tak – Satan die wortel, en sy volgelinge die takke. **Die volle straf van die wet word uitgevoer; daar word voldoen aan die vereistes van geregtigheid: en die hemel en die aarde, waar hulle dit aanskou, getuig van die geregtigheid van Jehova**. *Die Groot Stryd*, 1981, bl. 607.4–608.1

Ons onthou dat die Bybel sê dat die wet geestelik is (Romeine 7:12). Wanneer die goddelose volgens die wet veroordeel word, is hulle lyding eerstens geestelik soos ons voorheen aangedui het. Hoe meer kennis 'n persoon van Christus en Sy wil het, hoe groter sal sy lyding wees. As 'n persoon 'n begrafnis bywoon van iemand wat hulle nie so goed ken nie, is die lyding nie so groot nie; maar as jy 'n innige kennis van iemand het, is die lyding groot. Niemand het God en Sy Seun meer geken as Satan nie. Hy het tussen God se heilige vurige gesteentes gewandel (Eseg. 28:14) – die simbool van Sy karakter wat die wet is. Dit is waarom sy lyding die grootste is; dit is waarom

hy langer as enigiemand anders moet ly. Die Bybel sê nie wie laat Satan langer ly nie, dit is vir die leser gelaat om te besluit wie Satan laat ly.

Ons weet vanuit die manier hoe Jesus oordeel, dat die sondaar self vonnis op hom bring.

> En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. *Johannes 8:9*

Die verhaal van Haman wys ook vir ons waarom Satan so lank moet ly.

> Daarop sê Harbóna, een van die hofdienaars voor die koning: Daar staan reeds die galg wat Haman laat maak het vir Mórdegai wat ten voordele van die koning gespreek het, by die huis van Haman, vyftig el hoog! Toe sê die koning: Hang hom daaraan op! *Ester 7:9*

Haman en Mórdegai verteenwoordig Satan en Christus. Die straf wat Satan vir Christus verlang het, sal hy self deurmaak. Want ons lees:

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (2) Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. *Matthéüs 7:1-2*

> **Satan sal beoordeel word deur sy eie idee van geregtigheid**. Dit was sy pleidooi dat elke sonde gestraf moes word. As God die straf kwytskeld, het hy gesê, is Hy nie 'n God van waarheid of geregtigheid nie. Satan sal die oordeel ontvang wat hy gesê het God moet uitoefen. Vry vertaal vanuit *Manuscript Release*, Vol 12, p. 413.1

Elke persoon sal die geregtigheid ervaar wat hulle gedink het God op ander moet uitoefen. Hoe meer haat en wraakgierigheid hulle teenoor ander openbaar het, hoe meer sal dit aan hulle weerspieël word in die spieël van God se liefdeswet wat sal toelaat dat hulle die volle verdorwenheid van hulle karakters sal sien. Diegene wat wil hê dat ander in die hel moet verrot, sal beslis in die hel verrot met presies dieselfde intensiteit as wat hulle vir ander geëis het. Vergewe daarom, en jy sal vergewe word. Bevry elkeen van die skuld wat hy aan jou skuld. Bring jouself tot bedaring in jou gedagtes omtrent jou teëstander en maak vrede met hulle in jou hart, sodat jy nie oorgegee word aan dieselfde regstelsel waarmee jy ander beoordeel en veroordeel nie.

> Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. (26) Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie. *Matthéüs 5:25-26*

Satan het meer mense veroordeel en beskuldig as enige ander persoon en daarom sal hy die langste ly as gevolg daarvan.

# 16. Slot

In hierdie boekie word dit duidelik bewys dat:

> Die onheil maak die goddelose dood; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. *Psalms 34:22*

Dit is die bose binne-in die hart van die sondaar wat sal vorendag kom en hom vernietig. Hierdie vuur word geskep deur die skuldgevoelens wat in die hart van die sondaar in die teenwoordigheid van God opgewek word.

Samevattend word ons herinner aan enkele eenvoudige feite.

1. Die weg na geregtigheid is nou en die meerderheid sal die liefdevolle genade van God verwerp. Jesus het gesê dat die weg na die ewige lewe nou en smal is, en daar is min wat dit vind. Matthéüs 7:14

2. Die goddeloses sal sterf en vir ewig verlore wees, verpletter deur die skuld van hul eie opstand.

3. Die natuurwette dra die kapasiteit om die sondigheid van die mens te weerspieël en daardeur sal die goddelose mense verteer word, terwyl hulle terselfdertyd oorweldig, eensaam en verlate voel onder die gewig van hul skandelike lewe.

4. Daar is aan God se kant geen daad van aggressie of dwang of begeerte om die lewe van die goddelose te beëindig nie. Die goddelose is verstrik in die werke van hul eie toedoen; hulle val in die put wat hulle gegrawe het. (Psalm 7:17; Psalm 9:16)

# Einde van die Bose

## *Vurige Finale Oordeel*

Deur diegene wat in God glo, word dit bykans universeel gereken dat die enigste manier om die sonde te beëindig, is om die goddelose in hul spore te stop deur 'n vurige stroom woede vanuit die hart van God af te bring om die goddelose te verbrand en tot 'n einde te bring.

Die algemene denkpatroon is dat die goddeloses nie hulself gaan vernietig nie en dat as God 'n God van geregtigheid is, Hy oortreders sal straf en Hyself hulle vir hul kwaad vergeld volgens hul dade deur hulle direk in vlamme te sit en hulle lewend te verbrand. Sal 'n liefdevolle God dit aan Sy kinders doen? Sal jy jou eiesinnige kinders lewendig in vlamme verbrand en kyk hoe hulle skree?

Sommige mense sê dat die enigste manier om kanker uit te wis, is om dit uit te sny. Die probleem met hierdie analogie is dat wanneer jy kanker uit 'n enkele persoon sny, die doel is om lewe te red en nie te vernietig nie. Sommige mense sê die goddeloses is soos 'n hond met hondsdolheid en dat die hond aan die slaap gesit moet word. Neem jy dan die hond en brand dit stadig vir 'n paar dae in 'n vuur terwyl hy in pyn skree en uitroep terwyl die regverdiges huil – net 'n bietjie meer omdat jy dit verdien weens jou boosheid? Is dit regtig wat aan die einde gaan plaasvind?

"Diegene wat die genade wat so vryelik aangebied word, verwerp, sal nog agterkom wat die waarde is van wat hulle verag het. Hulle sal die pyn ervaar wat Christus aan die kruis verduur het om verlossing te koop vir almal wat dit sal ontvang. En hulle sal dan besef wat hulle verloor het - die ewige lewe en die onsterflike erfenis."
Vry vertaal vanuit *Review and Herald*, 4 September 1883

*Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:4*